# *HIER IS MEER AS SALOMO*

Baie dankie Broer.

2 Baie lekker om terug te wees op die preekstoel vanaand, in die diens van die Here. 'n Spesiale groete aan my broers hierbo in die—in die, agter my, in die preekstoel. En ek is so bly om hier te wees.

3 Ek wonder waar is my vriend, Chris Berg? Ek kan hom nie plaas of hom sien nie. Waar is hy? O, daar is jy, Chris. Bly weg van my grysbeer. O! O, watter wonderlike tyd het ek en Chris die laaste keer hierbo gehad. En ek het elke aand na hom gesoek.

4 En ek het 'n fout gemaak, glo ek, ek het gesê ek was uit en eet middagete saam met die Bonderud familie hierbuite, en ek het uitgevind dit is nie Bonderud nie. Ek dink dit was Bonderud se dogter wat met iemand anders getrou het. Ek vergeet, Nysted, wel, Broer en Suster Nysted, as ek . . . julle hier is, ek's jammer, maar jy, ek dink jy was die Bonderud om mee te begin. Ek dink dis reg. Ek's nie seker nie, maar ek dink dis reg. So ek was halfpad reg. Maar, in elk geval, ek het gesê hulle het my doodgemaak met gasvryheid. En dis net omtrent hoe dit gegaan het. So ons is baie dankbaar.

5 En ek het vandag verstaan, deur die broer van Dawson Creek, ek noem hom Broer Eddie, dat my ou vriend, ons vriend Broer Durney, nog lewe, en dat, glo ek, 'n ander sendeling van daarbo vir my die boodskap gebring het dat Della genees is, toe sy daardie sakdoek op haar bors gesit het, met die gewas. Ek is so bly daaroor. En ek hoor dat Mnr. Durney, siek is, en ek wil hom besoek sodra ons by Dawson Creek kom, en met hom gaan praat oor verlossing, en, van die Here, want hy het my belowe toe ek vertrek het dat hy sou—hy sou bid, en God sou vra om hom te help.

6 Baie gawe ou man, wat net sy lewe in die bosse gelewe het en nooit die tweede gedagte aan God gehad het nie, reken ek, maar nou, miskien, terwyl hy op sy bed is, kan ek nou regtig met hom praat. So, partymaal moet God ons op ons rug lê om ons te laat opkyk, julle weet, dat, Hy 'n manier het om dinge te doen.

7 Maar hy het vir my 'n brief geskryf oor sy dogter, en my van haar vertel, en gesê sy was die enigste dogter wat hy gehad het wat nie gerook het en dinge nie, en hy was so bly vir haar. En toe het 'n ander broersendeling van daarbo gekom en my vertel van die wonderlike ding wat die Here Jesus vir hulle gedoen het. En ek—ek vertrou dat God met hulle sal wees.

8 Nou, hierdie klein byeenkoms en tyd van gemeenskap, ek het nie geweet daar was soveel predikers in die land nie, eerlikwaar,

ek het dit nie geweet nie. Dis goed. Wel, ek is bly om te sien julle het goeie, geestelike leiers hier, en hulle sal julle die weg van die Here leer. En ek is hier om, net in antwoord op gebed, en om oor die grond te loop wat hulle gelê het. Daar enige krediet gegee moet word, gee dit aan die manne wat hier ingekom en die werk gevestig het. En hulle het gebid en geglo dat God hierdie dinge sou doen in die laaste dae, en julle geleer dat hulle sou gebeur, en hier gebeur hulle, nou, reg voor ons oë.

9 Nou, ons wil hê julle moet onthou dat gebed die magtigste krag is wat daar in die wêreld is, is gebed. Gebed laat selfs God van plan verander. Hoeveel weet dit? Dis reg. God het eendag vir 'n profeet gesê, gaan op en sê vir 'n koning, Hiskia, gesê: "Gaan sê vir hom om sy huis in orde te kry, want hy gaan sterf."

10 En toe, toe profeet Jesaja (Kan julle julle net die verleentheid van daardie profeet voorstel?), toe hy opgegaan het langs die kant, en die arme mense buite die poorte, "O, grote profeet, wat is die Woord van die Here vir ons edele koning?"

"SO SPREEK DIE HERE, hy gaan sterf."

Daar het die soldate by die poort gestaan: "O, grote profeet, wat is die Woord van die Here van ons koning?

"SO SPREEK DIE HERE, hy gaan sterf."

11 Hiskia het sy toestand gevra: "Gaan sterf, jy kom nie van hierdie bed af nie." En hy het geweet dit was die Woord van die Here, so hy het sy gesig na die muur toe gedraai en bitterlik geween, en gesê: "Here, ek smeek U om aan my te dink. Ek het voor U gewandel met 'n volmaakte hart." Dis 'n groot getuienis. "Ek het voor U gewandel met 'n volmaakte hart." Hy wou nog vyftien lewensjare hê.

12 Nou, lyk dat as God dit vir hom wou gee, hy was die grootste man in die—in die koninkryk, lyk asof Hy net sou gesê het: "Goed, Hiskia, Ek—Hiskia, Ek gaan jou vir nog vyftien jaar laat lewe." Maar julle sien, God het 'n stelsel, die manier om dinge te doen. In plaas daarvan, het God afgegaan in die bosprieëltjie buite in die bos iewers waar Jesaja die profeet was, en gesê: "Gaan terug en sê vir hom dat Ek hom gehoor het. Ek gaan dit vir hom gee." Nou, sien, gebed het dinge verander, sien, gebed het dinge verander.

Wel, die verleentheid van daardie profeet wat terugkom: "Waarom keer jy terug, profeet van die Here?"

"SO SPREEK DIE HERE, hy gaan lewe."

Die soldate: "Wat daarvan?"

"SO SPREEK DIE HERE, hy gaan lewe."

13 Sien? Sien, wat dit gedoen het? Van net van die dood na die lewe, het gebed dit verander, die situasie verander van die dood na die lewe. Dit sal dieselfde ding vir jou doen. Dit sal dieselfde ding vir my doen. Dis ons gesindheid teenoor God.

14 En onthou nou, dat as jy enigiets gevra het en nie in jou hart glo dat dit gaan gebeur nie, sal dit nie gebeur nie, maak nie saak hoeveel keer jy vra nie. Maar wanneer jy wel glo, is daar niks om te keer dat dit gebeur nie. Dit—dit moet plaasvind. Dit moet net.

15 Ek is twee-en-vyftig jaar oud en ek was in die bediening vir, dis nou omtrent een-en-dertig jaar. En ek het geweet van hierdie visioene wat gebeur het vandat ek nog nie ouer as twee jaar was nie, toe die eerste visioen gekom het. Ek glo dat gawes en roepings sonder bekering is. Ek glo hulle is—hulle is gawes wat aan ons gegee word deur God se Eie denke.

16 Nou, daar is nege geestelike gawes wat in elke plaaslike liggaam is, ons glo dit, Een Korinthiërs 12. Maar daar is vyf gawes wat deur God verordineer is vir die kerk, die liggaamsgawes. Wat is die eerste? Apostels, en dit is nie, regtig, in ons dag nie, dis 'n sendeling, want *apostel* en 'n *sendeling* is dieselfde woord. 'n *Sendeling* beteken "een wat gestuur is." *Apostel* beteken "een wat gestuur is." Sien? Apostels, profete, leraars, pastore, evangeliste, sien, vyf gawes. Nou, 'n man kan nie 'n apostel wees omdat hy wil wees nie. God het hulle in die kerk geplaas. En hy kan nie 'n profeet wees omdat hy wil wees nie.

17 Nou, daar is gawes van profesie in die kerk, maar daar is 'n groot verskil tussen gawe van profesie en 'n profeet. Sien? 'n Gawe van profesie moet voor drie beoordelaars staan en geoordeel word voor dit selfs vir die kerk gegee kon word, of dit reg is. Dit kan op *hierdie* vrou wees vanaand, en nooit weer kom vir die res van haar lewe nie, mag op *hierdie* vrou wees die volgende aand, en *daardie* man die volgende aand. Sien, dis—dis plaaslike gawes in die liggaam. Maar profesie is 'n amp, 'n profeet; dis van geboorte af, sien, kom van geboorte af.

18 Jeremia was 'n profeet, God het gesê: "Voordat jy nog in jou moeder se skoot gevorm is, het Ek jou geken, en jou geheilig, en jou as 'n profeet vir die nasies verordineer." Johannes die Doper, sewehonderd-en-twaalf jaar voor hy gebore is, het Jesaja hom gesien: "Die stem van een wat roep in die woestyn," 'n profeet van die Here. Jesus Christus was die Seun van God uit die tuin van Eden, die vrou se Saad wat die slang se kop moes vermorsel.

19 Soos ou Kongreslid Upshaw gesê het: "Jy kan niks wees wat jy nie is nie." 'n Kongreslid van die Verenigde State, verkiesbaar gestel as president, hy het beter geweet, maar hy het net—hy het net my taal gebruik, my manier om dit uit te druk. Maar dit is waar. Julle kan net wees. . . En dis wat die probleem is met ons vandag, vriende. Die hele wêreld blyk net so te wees. As ons net sou wees wat God ons maak om te wees, dat, dan is jy—jy's—jy's, daar is, die basuin sal dan nie 'n onseker klank gee nie, dit sal 'n sekere klank gee, en die hele wêreld sal dit weet, julle sien, wanneer dit reg geklink het.

20 En so, ’n prediker kan nie ’n prediker wees, omdat sy pappa en moeder wil hê hy moet ’n prediker wees nie, hy moet deur God geroep word om ’n prediker te wees. Daar sou niks my hart beter laat voel het as om te weet dat my seun, Billy Paul, ’n prediker sou wees nie. Maar om hom skool toe te stuur en ’n prediker van hom te maak, ek sou liewer wou hê dat hy ’n spoegbakskoonmaker moet wees as om dit te wees, iets wat hy nie is nie. Sien? Verskoon daardie kru uitdrukking. Ek moes dit nie gesê het nie. Sien? Klink nie mooi hier nie, maar julle weet wat ek bedoel. Ek sou liewer wou hê dat hy iets anders moes wees.

21 Maar God het vir Billy gebruik. Hy was ’n regterhand vir my, my seun. Want toe ons die eerste keer begin het om gebedskaartjies uit te gee, het ons gevind dat, een man daarin gehad, wat eers ’n prediker was, ons het ’n vreeslike tyd gehad oor gebedskaartjies, die eerste, sou ons hulle stuur na elke, waar ons ’n diens sou hê, sou al die borg pastore ’n honderd kaartjies vir hulle gemeente kry. Die eerste pastoor het sy groep ingekry, wat dit omtrent afgehandel het, die res van hulle het nie daar gekom nie.

22 So toe het ons begin, gesê: “Wel, ons sal afgaan die eerste dag wat ons kom en al die gebedskaartjies uitdeel.” En nou, dis nie vir klein kerkdiensies nie, dis vir die groot ouditoriums. En so, wel, eerste dag sou ons ’n paar, driehonderd gebedskaartjies moes uitdeel. Dit het niemand gehelp om laat in te kom nie, want hulle het beslis nie in die gebedsry gekom nie, want ons kon dit nie alles opneem nie. Vier, vyf, of ses per aand het net alles gedoen wat ons kon doen. Sien?

23 En, toe, die volgende wat ons gehad het, het ons ’n prediker gehad om die gebedskaartjies uit te gee. Wel, het uitgevind toe hy in die stad gekom het, en sy eie organisasie, moes hy ’n bietjie guns aan hulle bewys of hulle sou hom ekskommunikeer, so, of onmin veroorsaak.

24 En toe het ek net ’n gewone man ingesit, en gevind dat hy gebedskaartjies probeer verkoop het. “Waarborg,” het ’n man gesê: “as jy sal waarborg my vrou sal in die voorste ry wees, sal ek jou vyfhonderd dollar gee.” En iemand het dit gehoor, en dit in—in gekry voor dit gebeur het.

25 So toe het dit dit stopgesit. Toe het ek my broer geneem, ek het geweet hy sou nie ’n gebedskaartjie verkoop nie. En dis waarna die wêreld soek, julle weet, so-iets.

26 Maar enigiemand wat die dienste ken, geld was die laaste ding in ons dienste. Ek het ’n goeie skoon naam probeer hou. Ek het nog nooit in my lewe ’n offerhande opgeneem nie, ek het een-en-dertig jaar gepreek, het nog nooit in my lewe ’n offerhande opgeneem nie, en nog nooit vir een gevra nie, beplan nie om ooit, dis nie, ons kom nie vir geld nie, ons kom kyk hoe ons kan help,

probeer inspan saam met hierdie broers hier om die vrag te help trek, dis waarvoor dit is.

27 Hierdie geskenke kon—kon my 'n multimiljoenêr maak binne 'n—'n paar dae se tyd. Julle weet wat dit is. Ja, ek reken julle het in die koerant gelees waar daardie multimiljoenêr in Kalifornië vir my een miljoen, vyfhonderdduisend in een offerande gestuur het. FBI-agente het dit gebring na—dit gebring na . . . Ek het gesê: "Ek weier om eens daarna te kyk." Sien? Ek het gesê: "Ek vat nie geld nie." Ek kon geen geld hê, sulke dinge soos daardie nie. O, genade. Ek? Ek het nie, ek het nie die verstandelike vermoëns om na soveel geld te kyk nie. So dan, wat as dit sou? Ek moet bekommerd wees daaroor. Sien? Laat hulle bekommerd wees daaroor. As ek dit nodig het, sal die Here sê: "Gee hom *soveel*," Julle sien? So dan, dis alles reg. Uh-huh.

28 Ek het nie . . . Ek het gepraat, Broer Roberts, Oral Roberts, die groot, dapper siel, Broer Roberts. Daardie man moet omtrent tienduisend dollar per dag hê. Sjoe! Wel, God het geweet wat Hy gedoen het toe Hy nie *daardie* verantwoordelikheid op my geplaas het nie. Ek kon dit beslis nie doen nie. Tienduisend dollar per dag, dit sou my mal maak om tienduisend per dag te kry.

29 En die ander . . . Wel, nou, wat as ek tienduisend per dag moes hê, en die Here het my geroep, hier op te kom na Grande Prairie, wat sou ek daaraan doen? Sien? Ek—ek het nie enige radioprogramme nie, het niks om te verkoop nie, en ek hoef nie tien sent per dag te hê nie. Julle sien?

30 Enigste ding wat ek moet doen, is om myself net vry te hou van alle dinge, sodat ek kan gaan waar Hy my ook al sê. As dit neerkom op . . . Ek het 'n herlewing gehou van twee aande in 'n plek wat dertig mense gehad het. Ek weet dit was ellendig. Dit was omtrent tien onder vriespunt, en hulle staan net daarbuite en vries, met klein siek babatjies en dinge. Maar die Here het vir my gesê om te gaan, so ek—ek het net gegaan.

31 En dan as Hy wil hê ek, moet na Afrika toe gaan om te preek vir 'n honderdduisend, twee-honderdduisend, plaas Hy op iemand se hart om vir my 'n tjek te stuur om oor te gaan, so ek gaan net soontoe. So, sien, My Vader besit dit alles, en Ek hoef nie bekommerd te wees daaroor nie. Net, ek hou daarvan om so te wees, waar ek net kan gaan waar Hy my ook al sê om te gaan. Sien?

32 Goeiste, Chris, ons kon nie gaan bere jag as ek tienduisend dollar elke dag moes hê nie. Ek kon dit net nie doen nie. Maar ek is net bly om vry te wees, sodat ek na my broers toe kan kom, die broertjie, wat 'n klein kerkie het, of waar die Here ook al lei, gaan net waar Hy lei. Dis hoe ek wil wees: vry, sien, niks om my te bind of vas te hou nie, en gereed om na enige plek toe te gaan, enige tyd, wat Hy ook al sê om te doen. En ek het dit 'n wonderlike lewe gevind, baie goed.

33 En ek het, kan dit opreg sê vanaf hierdie preekstoel, wat die laaste boodskap mag wees wat ek ooit aan die menslike ras bring, sien, ek's twee-en-vyftig, nou die dag, en ek het nog nooit in my lewe God ooit opreg gevra vir enigiets, dat Hy dit nie vir my gegee het, of vir my gesê het waarom Hy dit nie kon doen nie. Nou, dis reg. Baiekeer het ek vir dinge gevra, wat Hy my geweier het, maar Hy sou vir my sê hoekom, en dis, altyd, Sy weg is die beste. En ek vind uit as Hy dit vir my sou gegee het, ek, sou dit—dit my geruïneer het. Sien julle? So ek gaan net aan, sê: "Here, wat U ook al wil hê ek moet hê, hier is ek." En so sorg Hy altyd vir my.

34 Maar kyk in die dienste, wanneer julle ook al hoor, wanneer die onderskeiding aan is, Hy vir julle sê, doen julle dit self, julle weet dit nie, maar dis julle eie gees, soos die vrou wat Sy kleed aanraak. Maar wanneer Hy terugpraat, dis wat julle trek, self, van God af. Sien, God het nie Sy gawe gebruik nie.

35 Almal van ons weet dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het. Nou, ons weet dat Christus, Jesus, die Volheid van die Godheid liggaamlik in Hom gewoon het. Maar vir ons, ons het die Gees ten dele, aan elkeen gegee om almal te baat.

36 Nou maar, sê, byvoorbeeld, as ek hier uitgegaan het na die oseaan en 'n lepel water uit die oseaan geneem het, sou jy dit nooit mis nie. Sien? Maar ek kon daardie lepel water na die laboratorium neem, en dit het dieselfde chemikalieë daarin wat die hele oseaan het, dis net nie soveel daarvan nie.

37 Wel, dan, wanneer ons dink aan die Gees van Christus wat ons in ons het, sien, dis net 'n lepelvol van wat in Hom was. Sien? Hy het dit alles in Hom gehad. Alles wat God was, het Hy in Christus uitgestort; alles wat Christus was, het Hy in die Kerk ingestort.

38 Hoeveel Pinksters is hier? Laat ons julle hand sien, Pinkstermense. Goed. Weet julle wat God gedoen het op die Dag van Pinkster? Die Bybel het gesê hulle was vergader en het gebid in die bo-vertrek, en skielik het daar 'n geluid uit die Hemel gekom soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. En daar het aan hulle verskyn gesplete Tonge, soos vuur, en Dit het op elkeen van hulle gesit, en hulle is almal gevul met die Heilige Gees, en het begin praat in ander tale soos die Gees hulle uiting gegee het.

39 Nou, ons weet dat God daardie Vuurkolom was wat die kinders van Israel deur die—die wildernis gelei het. Wat het God toe gedoen? Hy het geskei, daardie Vuurtonge het geskei, daardie groot Vuurkolom, en het Homself verdeel onder Sy mense.

40 Dan, broers, wat behoort ons te wees? Broers, goeiste, saam sal ons staan, verdeeld sal ons val. So wat die groot. . . As die groot kerk van God, as die duiwel in hulle kan inkom en hulle laat sê: "Ek is *hierdie*, en jy, omdat jy *hieraan* behoort, kan ons

net nie saam assosieer nie," sal hy nie 'n skoot hoef te skiet nie. Ons veg teen mekaar. Sien?

41 Maar wanneer daardie muur afgebreek is, en ons nie verdeeld is nie, ons almal een broers is, julle sien, almal een Gees in Christus, God wat Homself onder ons saam verdeel, dat ons saam die groot vrygekoopte Kerk van die lewende God mag wees, dan gaan julle dan iets sien gebeur.

42 Nou, let op, wanneer Hy met julle praat, as Hy terugpraat: "Dis SO SPREEK DIE HERE, *sekere-sekere* dinge sal gebeur," nou, maak 'n nota daarvan. Julle mag dalk nie in staat wees om 'n—'n geringe verskil net dan te sien nie, mag geruime tyd wees wat jy dit nie sal sien nie, God maak 'n belofte, maar Hy hou Sy belofte.

43 Ja, ek wil graag hierna verwys. Julle, het julle geweet dat party mense net dink omdat dit nie oombliklik gebeur nie, dis, dis—dit al is, dat God jou nie gehoor het nie? Dis 'n fout. As jy dit glo, het dit gebeur, maar as jy dit nie geglo het nie, wel, dit maak nie enige verskil-. . .sou dit in elk geval nie gebeur nie. Maar as jy dit glo, is dit 'n voltooide produk net dan, wanneer jy—wanneer jy dit glo.

44 Nou, hier is soveel dinge waarna ek kan verwys. Eenkeer was daar 'n paar vroutjies. Ek hou daarvan om daarna te verwys, want dit het altyd by my gebly. Dit was op die platvorm. Daar was 'n dametjie wat op die platvorm gekom het, en, 'n klein huisvrou, moedertjie, en die Heilige Gees het vir haar gesê: "Jy is *So-en-so*, jy—jy is *seker-sekere* vrou."

"Ja, ja."

"En jy ly aan 'n maagprobleem wat is, jy was 'n paar dae gelede by 'n dokter, en hy het vir jou gesê, jy het 'n maagseer."

"Ja, dit is so."

"Jou man werk by 'n *sekere-sekere*. . . "

"Ja, dit is so," dit alles.

Toe het sy begin, en toe het die Gees gespreek: "SO SPREEK DIE HERE, jy's genees."

O, goeiste, dit moet gebeur. Dit moet net gebeur.

45 Toe het sy huis toe gegaan, en sy het gesê: "Wel, ek is genees. Man, voor ek daar kom, wil ek hê jy, moet vir my 'n hamburger koop." Dit het haar amper doodgemaak. Paar dae later was sy steeds, sou sy so siek word as sy eet.

En haar man het uiteindelik gesê: "Jy bring 'n skande oor die saak." Gesê: "Jy behoort nie daarvan te getuig nie."

46 Twee weke het verbygegaan. Sy het steeds probeer eet. Net so siek, as wanneer sy dit sou neem. Die. . .So haar man het na die dokter toe gegaan, hom vertel. Gesê: "Dit sal haar doodmaak."

47 Gesê...maar sy het gesê: "Kyk, daardie man het my nie geken nie, en as 'n Gees daar gestaan het, of by hom, wat hom kon sê wie ek is en wat my probleem is, glo ek dit was die Gees van God." En sy het gesê: "Lewe of sterwe, hy het gespreek 'SO SPREEK DIE HERE.'" Gesê: "Ek glo dit." Dis reg. "Ek glo dit."

48 Paar oggende daarna, wat omtrent vier weke was nadat daar vir haar gebid is...Sien, dit het nie beteken sy is nie genees nie, sy was net toe genees. Abraham is 'n belofte gegee dat hy 'n seun sou kry, en vyf-en-twintig jaar later voor hy dit gekry het, maar hy was sterk in geloof, het God geprys. Dis wat ware Pinksters behoort te wees, Abraham se Saad.

49 So een oggend, het sy gesê...Wel, ek—ek was toe omtrent driehonderd myl van die plek af, in 'n ander herlewingsdiens, en sy het na die plek toe gekom om te getuig. Sy het gesê: "Man het daardie oggend werk toe gegaan," sy het gesê: "o, my maag het gebrand," en sy het gesê: "na 'n rukkie, het ek my skottelgoed gewas, en ek het gehuil," sy het gesê: "net gedink: 'O God, hoe groot is U! Hoe groot! U laat die son skyn, U—U doen al hierdie groot dinge.'" En gesê: "Hoe groot is U, O God," soos daardie, net Sy Naam geprys, soos sy daar gestaan het.

Gesê 'n baie snaakse gevoel het oor haar gekom. En gesê sy het gedink: "Wonder wat dit was?"

50 Sien, nou, jy hoef niks te voel nie. Jesus het nooit gesê: "Het julle dit gevoel?" nie. Hy het gesê: "Het julle dit geglo?" Sien? Glo julle dit.

51 Maar toe het sy iets oor haar voel kom. Sy het gesê: "Wel, ek weet nie wat dit was nie," gesê: "net 'n snaakse gevoel, ek voel so goed," sy het net aangegaan, gesê: "miskien, het ek net die Here geprys, dis die Heilige Gees wat my geseën het."

52 Sy het die skottelgoed gewas, sy het baie honger geword, so ek reken alle mammas is soos hierdie, die kindertjies het 'n bietjie hawermout in die bord gelos, so sy het baie honger geword, en dit was die ding wat haar net sou laat brand, was hawermout, so sy het net 'n lepelvol, of twee, hawermout geneem en geëet. So nadat sy hulle ingesluk het, het sy gedink: "Wel, dit kan nie erger brand nie." Maar binne 'n paar oomblikke, het dit nie gebrand nie. So sy het vir haar nog 'n paar lepels vol gekry, het haar nie gepla nie, toe het sy vir haar 'n stukkie roosterbrood gekry, dit het haar nie gepla nie. So sy het net gegaan en twee eiers vir haar gebak, vir haar 'n bietjie roosterbrood gekry, en 'n koppie koffie, en 'n gastronomiese jubelfees gehou. So sy het net—sy het net gaan sit en 'n goeie ontbyt geëet. Sy het omtrent 'n uur-en-'n-half, twee uur gewag, sy het net goed gevoel, weer honger geword.

53 So sy het so goed gevoel, sy het afgehardloop na die bure. En haar buurvrou was verder agter in die gebedsry, die vorige aand, en was 'n yslike groot vergroeisel op haar nek, en dieselfde ding het gebeur, haar alles daarvan vertel, gesê: "SO SPREEK

DIE HERE, daardie vergroeisel sal verdwyn." En so wou sy na haar bure toe hardloop, 'n paar deure in die straat af, wat gebeur het. En gesê toe sy daar gekom het, het sy gedink hulle het 'n begrafnisdiens of iets gehou, al die geskree en te kere ganery, wat sy ooit gehoor het. Sy het die deur oopgeruk, en hier was die vrou, wat gestaan het met 'n laken in haar hand, en sy het gesê: "Wat makeer, skat?"

54 Sy het gesê: "Weet jy wat? Ek het laat opgestaan vanmôre," en sy het gesê: "ek kan daardie ding nêrens kry nie. Dis nie meer in my keel nie. Ek het elke laken en alles geskud, ek kan dit nêrens kry nie." Sien? En hier was hulle albei, aan die getuig.

55 Wat was dit? Toe God dit verklaar het, het daardie Engel deur die buurt gegaan, en die Woord bevestig wat Hy gespreek het in die Naam van die Here. Sien? "Al vertoef dit, tog sal dit spreek." Is dit reg, broers? Dit moet spreek. So hou dit altyd in gedagte.

56 O, julle is so gaaf, ek kan skaars 'n teks kry. Ek het iets in my gedagte wat ek wil sê. Ek sal net, julle sal my net 'n paar minute langer uithou, sal julle nie? So ons hoop om na 'n rukkie in die gebedsry te kom.

57 So toe ons net onlangs na Afrika gegaan het, om julle te wys. . . Nou, ek dank God vir skole, vir kerke, en vir alles wat Hy gedoen het, ek is so dankbaar teenoor God. Maar tog, het julle geweet dit was nie die opdrag nie? Die algemene opdrag was: "Gaan in die hele wêreld in en verkondig die Evangelie aan elke skepsel." Nou, om die Evangelie te verkondig, die Evangelie het nie net in Woord gekom nie, maar deur die krag en die manifestasies van die Heilige Gees.

58 Nou, as julle dit verder volg, ek haal Markus 16 aan: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Net om die Woord te onderrig, sal dit nie doen nie. Dit moet die Heilige Gees wees wat die Woord manifesteer. Sien?

59 Maar wat het ons gedoen? Ons het gegaan, en skole gemaak, en organisasies, en kerke, en—en hospitale, wat baie goed is. Ons kan nie een ding teen hulle sê nie. Maar dit was nie die idee nie.

60 Nou, toe ek Afrika toe gegaan het, ek onthou dit. . . Nou, my Baptiste broers hier, moet asseblief nie. . . Ek's, ek het jou lief, jy is my broer, jy sien. Maar ek was 'n Sending Baptiste prediker vir jare, en wanneer ek hulle sou vertel van hierdie dinge, sou hulle my doodbang maak, hulle het gesê dit was van die duiwel, en, o, ek wou niks met die duiwel te doen hê nie, want ek het die Here Jesus lief. En het nooit enigiets daarvan geweet totdat hy aan my verskyn het en my vertel het wat dit was nie.

61 Nou, toe ek teruggekom het en vir Dr. Davis, algemene opsiener gesê het, en ek het gesê: "Dr. Davis, ek het daardie een ontmoet wat met my praat, en dit was 'n Man, en hy het my hierdie dinge vertel, en hy het vir my gesê ek sou regoor die wêreld preek, en hierdie dinge sou plaasvind."

Hy het gesê: “Met ’n graad sewe-opvoeding, veronderstel ek, Billy, gaan jy vir konings en mon- . . . ”

Ek het gesê: “Dis wat Hy gesê het, Broer.

Hy het gesê: “Billy, wat het jy daardie aand geëet vir aandete?”

62 Ek het gesê: “Wel, nou, Dr. Davis, as dit dít is, kan ek net sowel vir jou my gemeenskapskaart net nou gee,” ek het gesê: “want vir my was dit God, ek weet nie wat dit vir jou was nie.” Sien? En natuurlik het julle dit gehoor in die *Stem van Genesing*, hy preek nou self Goddelike genesing.

63 So egter, toe die Engel gesê het dat . . . En ek, toe ek in Afrika ingegaan, en gevind het, in Afrika, wat het ek gevind? Ek verkleineer niks nie, ek’s baie dankbaar vir alles wat die Here gedoen het, almal van julle onthou dit, alles wat die Here gedoen het, ek is dankbaar. Maar ek probeer sê ons lewe in ’n ander dag, bokant dit nou. Sien? Ons—ons kom op tot waar God groter dinge wil doen as wat Hy gedoen het. Hy wil Sy Kerk seën.

64 Hy wil hê ons moet bymekaar kom, en nie stry oor: “Ek’s die Gemeentes van God,” of: “Ek’s die Kerk van God” nie. Watter verskil maak dit? Ons is Christus s’n. Dis reg. Sien? Ons is Christus s’n. Nie . . . ons moenie dit dink nie. En een van ons wat een-boggel kamele ry, twee-boggel kamele, en drie-boggel kameel. Watter verskil maak dit?

65 Jakob het een put gegrawe, en die Filistyne het hom daar weggejaag, en hy het dit “Kwaadwilligheid” genoem. Hy het nog ’n put gegrawe, en die Filistyne het hom daar weggejaag, en hy het dit “Twis” genoem. Hy het nog ’n put gegrawe, so hy het gesê: “Daar’s plek vir ons almal.” So ek dink dis hoe dit is. Diegene op *al-die-verskillende-soorte* kamele, ons kan net soontoe ry en iets drink. Daar’s plek by die fontein vir ons almal. Ja.

66 So toe ek daar gekom het, het ek gedink ek sou, miskien, die sendelinge vind, David Livingstones op elke hoek. Maar wat het ek gevind behalwe, goeiste, sendelinge was anders as wat ek gedink het dit was. Hulle het die lokasie daarbuite gehad, waar die gekleurde man wat nie meer stamverf kon aanhou nie . . .

67 Hulle kon hiernatoe kom en ons sedes leer, daardie mense kon, in Afrika. Hulle kon, beslis. Byvoorbeeld, in een stam daar in die Basotho, as die Shangaan, Basotho, Xhosa, o goeiste, soveel verskillende stamme, maar as ’n jong dame, hulle weet nooit hoe oud hulle is nie, maar as ’n jong dame nie is nie, ’n man haar geneem het, hulle het poligamie, maar as ’n man haar nie as vrou geneem het op ’n sekere grootte nie, moet sy haar stamverf verwyder en die—die stam verlaat, want daar’s iets verkeerd.

68 As sy is, voor sy getroud is, of as vrou geneem word, word sy ondersoek vir haar maagdelikheid, as sy skuldig bevind word, moet sy die man sê wat dit gedoen het, word hulle albei saam

doodgemaak. Sal baie sterftes wees, oral in die Verenigde State in elk geval, as hulle hulle so sou ondersoek. Maar daar's geen naglewe onder hulle nie. Nee, meneer. Hulle is skoon, sedelik, soos hulle kan wees.

69 En, toe, het hulle by die tiene van duisende ingekom na die diens, toe ons by Durban vergader het. En ek was. . .Billy was by my, ek het gesê: "Seun, gaan af en gee 'n paar gebedskaartjies uit vanmiddag."

70 En toe, toe hy binne 'n paar oomblikke teruggekom het, het hy en die burgemeester van die stad, Sidney Smith, hulle het nie, hy het nie sakke in sy jas gehad nie. Hy het gesê: "Gebedskaartjies uitgee? Gaan jy soontoe en probeer dit bietjie!" Hy het gesê: "Jy kan dit nie doen nie, Pappa."

So ek het gesê: "Wel, goed."

71 So, Mnr. Smith, Sidney Smith, die burgemeester van Durban, hy het my uitgeneem, gesê: "Broer Branham, in die hele geskiedenis van Afrika, is daar niks soos hierdie ooit gesien nie." En hy het gesê: "Daardie Durban-renbaan is *so* vol mense, dat hulle die heelpad oor die baan aan die ander kant is. Duisende maal duisende, meer as 'n honderdduisend, hulle lê net daar," gesê: "hulle kom van, stroom uit alle dele van die land, en hulle het hulle geliefdes gebring, vir weke lank, hulle deur die oerwoude gebring, tot waar hulle moes, die leeu agter hulle sou aankom, hulle hulle in die boom moes laat opskarrel."

72 Verskoon daardie uitdrukking, dis. . .Ek—ek—ek weet julle het almal beter Engels as ek, ons daaronder het.

73 En so, ek—ek het 'n klein Georgiër hier oorkant, ek wil hê hy moet vir julle praat een van hierdie aande. Jy praat van die gawe van uitleg hê! Hy. . .Julle sal, julle Yankees hierbo sal dit regtig moet hê om hierdie Georgia mense te hoor praat. Hulle het na 'n vulstasie toe gekom, gevra vir 'n motel, en hulle wou weet of hulle wil, hy. . .hulle almal, hulle het gesê hy wou 'n paar ou bande hê. So, Georgia.

74 So, egter, en ons het uitgegaan, begin gaan na hierdie groot plek waarheen ons gegaan het, en toe ons daar gekom het, uitgegaan het, het ons hierdie inboorlinge in die stad gesien, kombers-inboorlinge, nou, en hulle het 'n plaatjie om hulle nek gehad. En ek het vir Sidney Smith gesê, ek het gesê: "Burgemeester, wat is daardie plaatjies?"

Hy het gesê: "O, hulle is Christene."

Ek het gesê: "Wel, hoekom dra hulle 'n afgod?"

Hy het gesê: "Vra hulle," het hy gesê: "Daardie man," gesê: "hy's 'n Shangaan, ek kan sy taal praat, ry nader, noem hom enigiets wat jy wil."

75 So ek, ons het na hom toe gery, en ek het hom Thomas genoem, omdat ek gedink het dit sou 'n goeie naam vir hom wees,

julle weet, veronderstel om ’n Christen te wees, wat ’n afgod dra. En ek het gesê: “Thomas.”

“Ja.”

“Is jy ’n Christen?”

“Ja, ja, ja,” hy is Christen.

Ek het gesê: “Waarom dra jy die afgod?”

76 O, sy vader het dit gedra. Sien? Dit is goeie rede. Eendag het die leeu agter sy vader aangekom, so hy—hy het die afgodsbeeldjie neergesit, en—en ’n vuur gebou, en ’n gebed gedoen wat die toordokter vir hom gesê het, die leeu het weggehardloop. So dit was god.

77 “O,” het ek gesê: “ek’s ’n jagter.” *Jagter* beteken “jagter.” *Leeu* beteken “leeu.” *Leeujagter*. Ek het gesê: “Die vuur het die leeu afgeskrik, nie die toordokter se gebed nie.”

78 “O, wel, as Amoyah,” *Amoyah* beteken ‘die wind,’ onsigbare krag soos God, wat jy nie sien nie, julle weet, soos die Heilige Gees: “as hy faal, sou hierdie een nie.”

So hy het dit net gedra vir veiligheidsdoeleindes. Dis die krag van Christendom.

Sidney Smith het gesê: “Sien?” Gesê: “Sien jy hoekom dit moeilik is om hier in te kom as ’n sendeling?”

Ek het gesê: “Ja, meneer.” Ons het verder gegaan na die diens toe.

79 So daardie middag, ver anderkant die spoor, het ek geneem. . .Ek het—ek moes vyftien verskillende tolke hê. Sien? Jy sou een woord sê, dan, sê: “Jesus Christus, die Seun van God, het na die aarde toe gekom om sondaars te red,” wel, ek sou water gaan drink, en gaan sit, met iemand praat, tyd wat dit deur al daardie tolke gegaan het, jy moet neerskryf wat jy gesê het om te weet waarnatoe om terug te kom. So ek sou hulle ’n eenvoudige boodskappie van die Bybel gee, wat Jesus was.

80 En ek het gesê: “Elkeen van julle sendelinge gaan haal drie mense uit ’n paar stamme daarbuite en bring hulle hier.” Daar was omtrent tienduisend Mohammedane ook daar, wat Indiërs is. En nou, nie ons Amerikaanse Indiaan nie, maar die Indië, van Indië. So ek het gesê . . .

81 Hulle is baie, baie moeilik. Ek het een sendeling daar gesien, gesê: “O, Broer Branham, ek was al twintig jaar hier, ek het een kosbare juweel gekry.” Sien, die—die—die Mohammedane het gekom van die ou ras van die Mede-en-Perse, en hulle varieer of verander nie hulle wette nie, julle weet. So eenmaal ’n Mohammedaan, broer, verander jy hulle nie. Sien?

82 So soos dit aangegaan het, so toe het hulle hulle geroep . . . Ek het gesê: “Kry drie uit elkeen van die stamme en bring hulle.” So hulle het soontoe gekom, en hulle uiteindelik gebring. En

die eerste een op die platvorm was toevallig 'n Mohammedaanse vrou, 'n rooi kol tussen haar oë. En sy was 'n volbloed Mohammedaan.

En ek het gesê: "Verstaan jy Engels?"

Sy het gesê: "Ja, meneer."

En ek het gesê: "Wel, is jy 'n Mohammedaan?"

Sy het gesê: "Ek is." Ek dink jy spreek dit hier *Mohammedaan* uit. Maar, en gesê: "Ek is."

En ek het gesê: "Waarom het jy dan na my toe gekom as 'n Christen? Waarom het jy nie na jou priester toe gegaan nie?"

Sy het gesê: "Ek glo dat jy my kan help."

"O," het ek gesê: "as 'n Mohammedaan, behoort jy dit nie te glo nie. Julle moet glo dat as Mohammedaan is . . . as die profeet Mohammed God se dienskneg is . . . "

83 Hulle glo in God. Sien? Hulle is—hulle is kinders van Abraham, maar nie van die belofte nie, ons verstaan dit. Sien? So sy . . . hulle—hulle lui daardie groot gong in die oggend en sê: "Daar's een ware en lewende God, en Mohammed is Sy profeet."

84 Ons sê: "Daar's een ware en lewende God, en Jesus is Sy Seun." Sien? Nou, dis die verskil. En die Mohammedaan sê: "God kan glad nie 'n Seun hê nie, die Gees 'n Seun hê nie." So hulle, en so hulle . . .

Ek het gesê: "Wel, waarom het jy nie na jou priester toe gegaan nie?"

Sy het gesê: "Ek glo jy kan my help."

"Wel," het ek gesê: "Het jy al ooit die Nuwe Testament gelees?"

Sy het gesê: "Ek het."

"Het jy Christendom oorweeg?"

Sy het gesê: "Ek het dit oorweeg."

Ek het gesê: "Hoekom het jy Mohammedaan gekies?"

85 Sy het gesê: "Wel, omdat ek dink dat—dat die Mohammedaanse godsdiens geen beloftes gemaak het nie, maar die Bybel van Christendom het beloftes gemaak, deur Jesus die Profeet, dat Sy dissipels dieselfde ding sou doen wat Hy gedoen het." En gesê: "Mohammed het nie so 'n belofte gemaak nie. Daarom, hulle het albei lewe na die dood belowe, en ek het nie een van die Profeet Jesus, Sy dissipels, sien doen wat Hy gedoen het nie, daarom is ek 'n Mohammedaan." Dis 'n baie goeie, verstandige antwoord. Sien?

En ek het gesê: "Wel, Jesus gee baie vreugde."

Sy het gesê: "Nou, Mohammedaan kan net soveel sielkunde voortbring as wat Christengodsdiens kan."

86 Net soveel emosie, hulle kan net so hard skree, hulle kan net so hard uitroep, hulle kan deur net soveel gaan soos ons. Sien? Dis reg. So as jy nie weet waarvan jy praat nie, beter jy wegbly van hulle af. Sien? Los dit net uit.

87 "Wel," het ek gesê: "dan het jy die Nuwe Testament gelees. Jesus, soos jy Hom genoem het, die Profeet, ek het Hom die Seun van God genoem," het ek gesê: "Hy was waarlik 'n Profeet. Die Ou Testament karakters moet glo aan hulle profete, en Hy was die Koning Profeet, die God Profeet. En hulle het na Hom gesoek. Dis net wat ek my boodskap gebring het."

Sy het gesê: "Korrek, meneer. Daarom het Ek gevra om die een te wees wat opkom."

88 Ek het gesê: "Hoeveel van julle Mohammedane daarbuite ken hierdie vrou?" Baie van hulle. Ek het gesê: "Nou, as Jesus, die Seun van God, my gesalf het met Sy Gees, en ek kan julle dan sê, net soos Hy sou as Hy hier gestaan het," het ek gesê: "om jou te genees, Hy het dit alreeds gedoen, al die eienskappe van Sy verlossing wat Hy vir ons gekoop het op Gólgota is alreeds voltooi, die enigste ding wat Hy kon doen, sou wees om te bewys dat Hy Messias was. Dis reg. Het belowe Sy dissipels sou dieselfde doen."

Gesê: "Ek verstaan."

89 En die Heilige Gees het gekom. Ek het haar vertel wie sy was deur die Heilige Gees. Ek het gesê: "Nou, jou man is 'n kort, gesette man, wat 'n snor het, hy was nou die dag by 'n dokter, en, saam met jou, en hy het vir jou 'n vroulike ondersoek gegee. Hy het vir jou gesê, jy het 'n sist op die ovarium gehad."

Gesê: "Dis die waarheid."

Ek het gesê: "Wat daarvan nou?"

Sy het gesê: "Ek aanvaar Jesus Christus as my Verlosser."

Daardie middag het byna tienduisend Mohammedane dieselfde ding gedoen. Sien, sien, sien? Nie teologie nie, maar om die krag van God te sien, sien, vriende.

90 Die volgende wat gekom het, was 'n wit, Afrikaanse vrou. Vir haar gesê dat sy 'n knop in haar bors het, maar om voor te berei vir die dood, ek het haar begrafnisdiens gesien. Hulle het haar van die gronde af weggeneem, dood.

91 Daardie selfde aand is daar 'n vrou, wat vir omtrent vier uur dood was, 'n vriend van die burgemeester, weer opgewek tot die lewe. 'n Jong vrou, sterf. Sien, as ek kon genees, sou ek *haar* genees het. Ek het gesê: "Ek kan net sê wat ek sien."

92 Die volgende was 'n klein, skeel-oog seuntjie wat in die ry gekom het, klein Zoeloe. Enige van julle broers sendelinge? Die Zoeloe, Mitchel, julle weet wat die Zoeloes is, yslike groot gesette kêrel, omtrent driehonderd pond gemiddeld. Hulle gooi hulle

assegaai julle weet (Die klein Shungai moet syne beweeg.), die groot Zoeloe. Toe het hulle hierdie dieet geëet, julle weet, daardie bloed en wat ook al om dit bymekaar te sit. En sy ogies was so skeel as wat hulle kon wees. En in Afrika, hulle . . .

93 Hou julle susters van lelies? O, ek dink hulle is pragtig. Hulle het van hulle sestien duim in deursnee, yslike groot aronslelies op die platvorm, sommige geel, en net wild in die oerwoud.

So toe, toe hierdie seuntjie, toe dit op die platvorm gekom het, het ek gesê: “Nou, enigiemand kan sien dat sy oë skeel is.”

94 As jy, was jy in Afrika op daardie tyd, Broer? Was jy daar? Nee, Indië. O, ja. Wel, ek, miskien kry ek ’n kans om van Indië te praat. Was jy daar toe ek in Indië was? Nie daar nie. Dis waar ek my grootste byeenkoms gehad het, in Bombaai, vyfhonderdduisend op een slag. So toe, dis waar ek gesien het die, wel, ek kan nie daarop ingaan nie, maar daar was ’n . . . Hy het soveel gedoen, ek sê julle, dis wonderlik.

95 En toe, hierdie seuntjie wat daar gestaan het, en ek het gesê: “Enigiemand wat naby genoeg is, kan sien die kind is skeel.” Ek het gesê: “Ek kon nie sy oë reguit maak nie.” Ek het gesê: “Ek het niks om sy oë mee reguit te maak nie, maar,” het ek gesê: “miskien mag die Heilige Gees iets aan my openbaar wat dit veroorsaak het, en dan sou dit miskien veroorsaak dat—dat die klein seuntjie geloof sal hê om in Christus te glo.” En ek het vir hom gesê: “Kyk na my.”

En die tolk, Zoeloe tolk, het gesê: “Kyk na my.” En die kêreltjie het opgekyk.

96 Ek het gesê: “Hy is so gebore.” Ek het gesê: “Nou, sy moeder en vader is maer mense, vreemd vir Zoeloes.” Ek het gesê: “Maar hy kom uit ’n Christenhuis, want in hulle hutjie is daar ’n foto van Christus aan die regterkant van die muur soos jy ingaan.”

En omtrent honderd treë aan die agterkant, het die vader en moeder hulle hand opgesteek, daarbuite gestaan: “Jy’s reg.”

97 En toe ek teruggekyk het na die kind, was sy oë so reguit soos myne. Ek het gesê: “Natuurlik, enigiemand sien iets het gebeur, sy oë, alreeds reguit. Gaan maar verby, seun.” En hulle het hom laat verbygegaan.

98 En net toe het ek ’n stryery gehoor. Hoeveel het Broer Bosworth ooit geken? Ou Broer Bosworth was altyd een van my vriend, F. F. Bosworth. Hy het daar gestaan, en ek het hom iets hoor aangaan daar oorkant, een of ander soort stryery. En dit was ’n Britse dokter, en hy het aangegaan. Hy het gesê: “Ek wil met hom praat.”

99 Broer Bosworth het gesê: “Jy kan dit nie nou doen nie, meneer,” gesê: “jy sal net ’n oproer veroorsaak.” Hulle moes hulle afspasieer. Hulle het, ook, stamoorloë gehad, julle weet. En so, gesê: “Jy kan dit nie nou doen nie,” gesê: “wanneer ons broer

onder daardie salwing is, bid hy vir die siekes." Hy het gesê: "Glo net."

Gesê: "Ek wil met hom praat."

Ek het omgedraai, ek het gesê: "Wat makeer, Dokter?"

Hy het gesê: "Hoe het jy geweet ek is 'n dokter?"

En ek het gesê: "Wel, wat wil jy hê?"

Hy het gesê: "Ek wil jou vra, Mnr. Branham, wat het jy aan daardie seun gedoen?"

Ek het gesê: "Niks."

Hy het gesê: "Ek het hom op die platvorm gesit."

"Wel," het ek gesê: "dis baie goed."

100 Hy het gesê: "Sy oë is nou reguit, hier staan hy." Hy het sy hand op sy kop gehad, gesê: "Ek het hom *daar* op die platvorm gesit, sy oë was skeel. Ek het my hande op hom *hier*, en sy oë is reguit." Gesê: "Nou, Mnr. Branham, ek kan jou telepatie verstaan," wat met die mense praat, en hulle vertel van hulle begeertes, en wat hulle gedoen het, "maar," gesê: "ek wil vir jou iets vra, het jy daardie kind gehipnotiseer?"

101 Ek het gesê: "Het die medici van die Britse Mediese Vereniging jou lisensie gegee om medisyne te praktiseer, en weet niks meer van hipnotisme as dit nie? As hipnotisme 'n kind se oë sal reguit maak, dink jy nie julle dokters moet begin om hipnotisme, hipnose te praktiseer nie?"

Hy het gesê: "Mnr. Branham, ek wil hê julle moet weet dat ek grootgemaak is om in God te glo."

Ek het gesê: "Dis baie goed, Dokter." En toe het nog 'n paar opgekom. Ek het gesê: "Net 'n oomblik. Los hom uit." Sien?

102 En hy het gesê: "Wel," gesê: "ek weet dat God in daardie lelie is. Dit kan nie groei nie, dit het lewe wat ons nie kan vind nie, ons kan nie die, 'n kiem van lewe vind nie. Ons weet dat God in die lelie is of dit kan nie lewe nie." Maar gesê: "Sê my, is daardie God van wie jy praat *so* tasbaar dat Hy daardie baba se skeel oë kon neem en hulle reguit laat maak, en jy wat tien voet van hom af is?"

"Wel," het ek gesê: "Dokter, is sy oë reguit?"

Gesê: "Ja, meneer."

"Wel," het ek gesê: "Het ek hom aangeraak?"

"Nee, meneer." Hy het gesê: "Dan maak dit God iewers tussen *hier* en *daar*, nie waar nie?"

Ek het gesê: "Net oral." En so toe het iemand hom begin wegtrek.

103 Hy het gesê: "Net 'n oomblik." Dit was 'n groot webmikrofoon, want hulle het, o, miskien vyfhonderd treë

en nog mense gehad, julle weet, buite soos *daardie*, die groot mikrofoon. Hy het na daardie mikrofoon toe geloop, hy het gesê: "Dan aanvaar ek Jesus Christus as my Verlosser."

104 Ek wil julle iets vertel. Toe ek Durban verlaat het omtrent twee weke daarna, was daar omtrent twintig of dertigduisend mense daar, wat totsiens gewuif het en alles, julle weet: "Kom terug, kom terug." Dit het die hoof-. . .twee en drie bladsye van die koerant elke dag gehaal, die dienste, wat ons Here gedoen het.

105 En daar, daarin, weet julle wat hy gedoen het? Hy het uitgehardloop op die aanloopbaan, het bo-oor sommige van die wagte gespring, en daar uitgehardloop en sy arms om my gegooi, soos *daardie*, en my omhels, en in tale begin praat. En hy het gesê: "Broer Branham, ek's 'n Christen. Ek gaan terug na die velde om 'n sendeling te wees," daardie Britse dokter. En dit het daardie dag beëindig.

106 Die volgende was 'n seun wat so misvormd was (Verskoon my, my susters, as ek die verkeerde fout maak, uh, 'n fout maak, liewer, iets sê wat ek nie moet sê nie, maar hulle nie, dra nie klere nie, julle sien, hulle is net so nakend as wat hulle op die aarde gekom het.), en toe die seun op die platvorm gekom het, jong kêrel, het hy op sy hande geloop, soos *hierdie*. En hy was ver vooroor gebuig, in so 'n verskriklike toestand, en hulle het 'n ketting om sy nek gehad.

107 En ek het gesê: "Kyk na daardie arme sterfling. As enigiemand daardie seun kon help en dit nie wou doen nie, wel, sou hy 'n skynheilige wees." Ek het gesê: "As ek hoegenaamd enigiets gehad het waarmee ek die arme kêrel kon genees, sou ek dit beslis doen, maar ek kan dit nie doen nie, julle weet dit, maar," het ek gesê: "miskien kan die Heilige Gees aan my openbaar iets wat hom kon laat geloof hê dat God hom sou genees." En so het ek omgedraai om te kyk, en ek, toe ek na hom gekyk het, die visioen, ek kan dit nie verduidelik nie, jy kan God nie verduidelik nie, dit help nie om te probeer nie. As jy kon, sou dit nie [Broer Branham se stem het gebreek—Red.] (Verskoon my.), sou dit nie meer deur geloof wees nie.

108 So die seun was daar, hy het gelyk, o, ek sou sê hy was iewers in sy twintigs, twee-en-twintig, vyf-en-twintig, iets soos daardie. En ek het gesê: "Nou, het ek sy aandag." En nou, onthou, hy het op sy voete geloop, die agterste dele het ver opgesteek soos *hierdie*, en in die rug geswaai soos 'n perd, julle weet, hol-rug perd, en op sy hande geloop, soos *daardie*. En hy dink ek wou hê hy moet—moet 'n stamdans doen. Die—die mense wat die stamme verlaat, hulle kom in, en hulle speel vir die toeriste deur stamdanse te doen. Hy het gesê "Uh, ba, ba, ba, ba."

109 En ek—ek het gesê: "As ek net sy aandag 'n oomblik kan kry, sy gees kan vang." En hy het gesê. . .Ek het gesê: "O, waaraan

hy nou dink, hy dink eintlik nie aan homself nie." Ek het gesê: "Hierdie seun het so geword toe hy net 'n kind was."

En net toe het sy vader en moeder opgestaan, ver *hier* onder, dat dit waar was. Sien?

Ek het gesê: "Hy kom ook uit 'n Christen, belydende-Christen huis." Dit was reg.

110 Ek het gesê: "Maar waaraan hy dink, is sy broer," en ek het gesê: "sy broer het óf op 'n geel bok óf 'n geel hond gery, en hy het geval en sy been seergemaak. Hy het nou op twee stokke geloop vir die afgelope drie of vier jaar." Maar ek. . . en soos ek teruggekyk het, het ek sy broer sien gaan, hardloop, spring, soos *daardie*, ek het gesê, dit dopgehou, Ek het gesê: "Maar, SO SPREEK DIE HERE, sy broer is genees." En voortgegaan, soos *hierdie*.

111 En ver onder, o, amper twee stadsblokke, het ek 'n groot kreet gehoor. En hulle het omtrent, reken ek, driehonderd soldate gehad, burgermag, julle weet, om soort van orde te hou. En hier het sy broer gekom met hierdie stokke oor sy kop, wat gespring het net so vinnig as wat hy kon.

112 Wel, dit het omtrent twintig minute geneem, om hulle weer stil te kry, julle sien, om hulle stil te kry. Ek het weer teruggekyk na hom, en ek het gesê: "Nou, ek—ek kan niks doen behalwe om vir die seun bid nie." En ek het soos 'n blou skaduwee bokant hom gesien, en ek het gekyk, en in die visioen hier het hy gestaan, op sy voete. O, broer, daar is, al die duiwels uit die hel kon dit nie toe keer nie.

113 As Hy vir my sou sê dat—dat George Washington sou opstaan uit die presidensiële begraafplaas, sou ek die wêreld uitnooi om te kom kyk hoe dit gedoen word. Dis reg. Hy's . . . Ek het duisende der duisende visioene gesien, en ek sal enigiemand uitdaag: nog nooit het een van hulle gefaal nie. Dit kan nie faal nie, dis God, hoe kan God faal?

114 So ek het geweet die seun sou genees word, en ek het gedink: "Hier's my kans, net nou." Ek het gesê: "Hoeveel hier sal Christus as hulle Verlosser ontvang as hierdie seun gesond gemaak sal word?" Net so ver as wat ek kon sien, daardie swart hande: Shangaan, Basotho, oral, soos *daardie*, Indiërs, oral.

115 En ek het gesê: "Staan op jou voete, seun, Jesus Christus maak jou gesond." Natuurlik het hy, die tolk, dit vir hom gesê, maar die seun was nie eens by sy volle verstand nie. So hy het net aangehou "Uh, ba, ba, bla, bla," en ek. . . het 'n dans probeer doen, hy het gedink ons bring hom soontoe om op te tree, julle sien, om te dans. So ek het soontoe geloop en die ketting beetgekry wat hulle aan hom gehad het, waar hulle hom gelei het, ek het gesê: "Staan op jou voete, Jesus Christus maak jou gesond." En die seun het opgestaan.

116 En toe hy het, het die trane op sy swart maag afgedrup, hy het daar gestaan, en rondgekyk soos *daardie*, vir die eerste keer in sy lewe. Daardie skare het net *mal* geraak. Daar was hy, nie net is hy genees, opgerig nie, maar by sy volle verstand. Sien?

117 Ek het gesê: "Hoeveel van julle sal Jesus Christus nou ontvang as persoonlike Verlosser, Een Wat julle liefhet?" En ek het gesê: "Staan op julle voete." Dertigduisend kombers-inboorlinge het op een slag gestaan.

118 Julle Kanadese ken vir Ern Baxter, nie waar nie? Broer Ern Baxter? Hy het net daar op die platvorm gestaan. En Broer Baxter het gesê: "Broer Branham, ek glo hulle het 'n fisiese genesing bedoel."

Ek het gesê: "Laat ek dit deur die . . . "

En ou Broer Bosworth wat net gehuil het. Hy het gesê: "Broer Branham," hy het gesê: "die Heilige Gees neem net my lewe uit my uit."

119 En ek het gesê: "Ek het nie fisiese genesing bedoel nie, ek het bedoel om Christus as Verlosser te ontvang. Julle wat afgode dra, as julle verstaan, breek julle afgode op die grond." En soos 'n stofstorm, waar daardie afgode gebreek het. Dertigduisend rou, kombers-inboorlinge het na Christus gekom in een altaar-oproep. Dink net, dis, laat ons sien, dertig, tien, twintig, dertig, wel, dit sou omtrent tien keer die grootte van Pinkster wees, uh-huh, dis reg, omtrent tien keer die grootte van Pinkster.

120 En die volgende oggend het die burgemeester my gebel, oorkant in my hotelkamer. Hy het gesê: "Broer Branham, gaan na jou venster toe, die kant wat na die meer toe kyk, dadelik."

Broer Bosworth was daar, het gesê: "Broer Branham, ek skat . . . "

121 En ek het gesê: "Nou, julle wat voor gebid wil word, glo net die Christus waarvan ek praat." En ek het een gemeentegebed gedoen, nou, daar was net omtrent drie mense op die platvorm, ek het een gemeentegebed gedoen. En daar was 'n geskatte, van vyf-en-twintigduisend uitstaande wonderwerke wat op een slag plaasgevind het.

122 Sien? Hulle is nie geïndokumeerd nie: "Ons is—ons is Metodis." "Ons is Baptis." "Ons is Presbiteriaans." "Ons is Eenheid, Tweeheid, Drieheid," En o, julle weet, al—al daardie goed, nie. Hulle weet niks daarvan nie. Hulle het net gesoek na 'n God wat Iets gehad het, Wat kon terug antwoord. Sien?

123 Toe, weet julle wat? Ek het na die venster toe gegaan, en in daardie straat het afgekom, as ek sal lewe tot 'n honderd en by my positiewe kan wees, sal ek dit nooit vergeet nie, daar het sewe groot Britse trokke gekom, ek weet nie wat nie, julle weet wat hulle is of nie, omtrent so lank as van hier af agter na daardie muur toe, gelaai vol krukke, planke, rolstoele,

instrumente, wat hulle uit die oerwoude gedra is vir honderde myle, en weke gekom het, soos *daardie*. Daar was hulle in hulle, die sewe trokvragte, opgestapel tot bo. En daaragter kom Zoeloes, Basotho's, Shangaan, Xhosas, en al daardie, agter dit, wat in daardie, die dinge was, die dag tevore, wat in die straat afgekom het, gesing in hulle eie moedertaal: "Glo net, alle dinge is moontlik." O, wat 'n uur!

124 Julle Kanadese vroue doen dit nie, maar ek gaan dit sê vir wat Amerika is. Die Amerikaanse vroue raak so, elke jaar trek hulle nog 'n bietjie klere uit. Net om eers af te kom by, die kort rokke, en nou by klein goedjies wat lyk soos mansklere, en dinge om te dra. Dis 'n skande, dis 'n skande, dis 'n . . . dis—dis . . . 'n Vrou het vir my gesê, sy het gesê: "Broer Branham, ek dra nie kortbroek nie," het sy gesê: "ek dra langbroek."

125 Ek het gesê: "Dis erger. Die Bybel het gesê dis 'n gruwel vir 'n vrou om mansklere te dra." Dis reg. En ek het gesê: "Jy moet dit nooit doen nie."

Gesê: "Wel, hulle nie . . . wanneer jy na die winkel toe gaan, kan jy niks anders koop as daardie wulpse klere nie."

126 Ek het gesê: "Eendag sal jy antwoord by die Oordeelsbank vir owerspel pleeg. Jy mag so rein soos 'n lelie wees vir jou man; jy mag so rein soos 'n lelie wees vir jou kêrel. Maar die Bybel het gesê, Jesus het gesê: 'Wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer, het owerspel met haar gepleeg in sy hart.'" En ek het gesê: "As jy jouself daarbuite plaas en so aantrek, en 'n sondaar na jou kyk en jou begeer, wie is skuldig, jy of die sondaar? En hy gaan daarvoor antwoord, en met wie het hy die owerspel gepleeg? Jou. Wie is skuldig? Jy, om jouself so voor te stel." En ek het gesê: "Jy sal skuldig wees aan owerspel pleeg wanneer daardie sondaar moet antwoord vir owerspel pleeg."

"Wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer, het owerspel met haar gepleeg." Wie is skuldig? Jy. Dis reg.

127 Hierdie dame het gesê, vir my 'n brief geskryf, sy het gesê: "Mnr. Branham, hulle maak nie klere waarvan jy praat nie. Hierdie is die enigste soort wat hulle sit . . . "

Ek het gesê: "Maar hulle het steeds materiaal, en hulle verkoop naaimasjiene," so daar's geen verskoning daarvoor nie. Sien? Dis reg.

128 Luister, ek wil dit sê, onthou net dit, as hulle ooit kortbroek begin dra in Kanada en dinge, julle sien, as hulle dit ooit doen, onthou julle net dit: Daardie kombers-inboorling vroue, jonk en oud, wat nie weet wat regter- en linkerhand is nie, wat daar gestaan het, niks behalwe 'n klomp krale aan nie, net so nakend, oor hulle liggaam, as wat hulle kon wees, sonder om te weet hulle was nakend, maar dieselfde oomblik wat hulle Jesus Christus as persoonlike Verlosser aanvaar het, het hulle hulle arms gevou om uit die teenwoordigheid van mans uit te loop.

129 Sê my dan hoekom, dat as hierdie mense wat hulleself Pinkster noem, of Christene, of Metodiste, of Baptiste, hoe is dit elke jaar, julle aanspraak maak om dieselfde Christus te hê, en dieselfde Heilige Gees, en julleself meer probeer ontbloot elke jaar? Waarom sou daardie Heilige Gees 'n vrou haarself laat bedek om uit die teenwoordigheid van mans te kom, en wanneer jy hulle die volgende dag sien, hulle een of ander soort klere aanhet? Waarom sou dit sommige klere laat aantrek, en ander hulle laat uittrek? God werk nie so nie. Daar's iets verkeerd iewers, broers. O, goeiste!

130 Laat ons wegkom van ons sosiale idees en terugkom na die Evangelie, amen, terug na die waarheid, terug na die Woord. Geen wonder ons kan nie 'n Kerk hê nie. Hoe kon God ooit 'n Kerk bou op 'n fondament soos daardie? Laat ons teruggaan na die waarheid, broer, suster.

131 Ek's so jammer, ek behoort die gebedsry net nou te roep, maar laat ons praat. Is julle haastig? Laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig. Vergewe my, julle mense, dat ek soveel tyd geneem het. Ek kry net. . . Ek het julle gesê ek kom hiernatoe om te rus, ek's soort van senuweeagtig, en ek kom op om te rus, en ek. . . Verskoon my.

132 Allerheiligste God, reg in U Heilige Teenwoordigheid in en voor die troon van genade kom ons, om onsself nou voor te stel. Ons is 'n onwaardige volk, Here. U is God, vol genade, vol goedheid. Wees U na aan ons om ons te vergewe. Wanneer my hart aan Afrika dink, aan Indië, O God, hoe dit bloei!

133 Hoe kon ek tienduisende dollars spandeer vir dwaasheid, en arme, klein kindertjies wat sterwend daar lê, met opgeswelde mae, met niks om te eet nie? O God, help ons om te verstaan. Hoe kan ons rondry in 'n vloot Cadillacs, nuwes elke jaar, en al hierdie dinge, en ons broers daar oorkant verkondig die Evangelie sonder skoene? Hulle sal staan in die Oordeelsdag, so. Wat kan ons doen? Ons hier, wat stry of ons na *hierdie* kerk of *daardie* een toe moet gaan. O, Amerika, Amerika, hoe dikwels sou Hy julle wou versamel?

134 Dankie, Vader, vir die ware Gees van God, vir hierdie tyd van gemeenskap rondom die getuienisse, en saam met die broers, in hierdie groot plekkie genaamd Grande Prairie. Hoe ons U dank vir hierdie goeie Skandinawiese, Duitsers, Indiane, ensovoorts, wat hulleself afgesonder het van die dinge van die wêreld, en hulle lewens toegewy het aan U, om U liefdevolle kinders te wees, nie omgee wat die wêreld sal sê nie, maar glo dat U die Christus is, die Seun van God, probeer om voorbeelde te lewe voor die mense dat alle mense Christus in hulle kan sien.

135 Ons dank U daarvoor Vader, soos ons die Woord oopmaak. Geen mens kan dit oopmaak nie, Here, net. . . enige man wat fisies genoeg is om die bladsye om te blaai, kan dit doen, maar

ons lees in die Bybel dat daar Een was wat op die Troon sit... [Leë kol op band—Red.]...lewe vir ons honger harte. Ons dors na U, O God. Soos die hert smag na die waterstroom, dors ons siel na U, O God.

136 Breek ons af, ons selfsugtigheid, neem die—die wêreld uit ons uit, Here, en maak ons liefdevolle, nederige, sagmoedige, Godvresende Christene. Ons gees is heeltemal gebreek. So is daar geskrywe: "Hy wat uitgaan en saai in trane, sal ongetwyfeld weer terugkeer, met blydskap, wat kosbare gerwe met hom saambring." Dis ons begeerte, Here.

137 Seën Grande Prairie, Here, seën sy predikers, seën sy mense, God, ek bid dat U hulle engele van genade sal maak, engele van Lig. Skenk dit, Here, want ons lewe nou in die slottonele. Binnekort sal U kom en sal ons Hom sien. Alle probleme sal dan verby wees. Tot dan, Vader, hou ons gesalf met U liefde en U Gees, gee ons die Brood van die Lewe dat ons ander kan dien. Dis hierdie doel waarom ons dit in ons harte vra, in Jesus' Naam. Amen.

138 Oorkant in die Boek van Matthéüs se Evangelie, die 12de hoofstuk en die 42ste vers, net vir 'n klein konteks.

139 Ek is skaam om julle so lank hier te hou, maar ek—ek weet ek het nog net een aand. En ek—ek wens net—net dat ons 'n lang tyd gehad het. Ek het nog nooit vir julle gepreek nie. Ek—ek raak gewoonlik net aan klein getuienisse, want, dan kom ek nie af op, as jy preek, word jy op *hierdie* manier gesalf, onderskeiding is op *hierdie* manier, julle sien, en jy skud jouself, van een na die ander.

140 So net om 'n rukkie met julle te praat, wil ek 'n—'n deeltjie van die Skrif hier lees, want my woorde sal faal, God se Woorde sal nie faal nie.

> En *die koningin van die Suide sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel*: *want sy het gekom van die eindes van die aarde af om die wysheid van Salomo te hoor; en kyk, hier is meer as Salomo*.

141 Ek wil dit graag gebruik vir 'n konteks: *Hier Is Meer As Salomo*. As julle, wanneer julle huis toe gaan, dalk die vorige hoofstuk en hierdie hoofstuk sal lees.

142 Jesus het hierdie Fariseërs van Sy dae bestraf, omdat hulle nie herken het dat Hy hulle Messias was nie. Hulle was tevrede. En die mense van daardie dag, dit was baie soos vandag, dat die mense na die kerk gekyk het vir verlossing.

143 Nou, ek maak hierdie stelling: As jy 'n Katoliek is en jy kyk na die kerk vir verlossing, is jy verlore. As jy 'n Baptis is en jy kyk na die kerk vir verlossing, is jy verlore. As jy 'n Pinkster is en jy kyk na die kerk vir verlossing, is jy verlore. Maar as jy Katoliek,

Pinkster, of Baptis is, of wat jy ook al mag wees, en jy kyk na Jesus Christus vir verlossing, is jy gered. Want deur geloof word ons gered. Sien?

144 Nou, vandag het die mense dit tot 'n plek geneem dat hulle na die kerk kyk vir verlossing. Die kerk bring nie verlossing nie, verlossing is van Christus. Sien? Die kerk het nie verlossing nie, Christus het verlossing. Nou, ek wil dit graag sê, dat hulle na die kerk kyk vir verlossing, en wat het hulle gekry? Geloofsbelydenisse, en organisasies, en—ensovoorts, en dis dieselfde ding vandag. So hulle was tevrede om te glo dat dit God se volmaakte wil was, vir hulle om te hê, en, daardie geloofsbelydenisse, ensovoorts, en om daardie dinge te doen.

145 So nou, vind ons uit dat gedurende daardie tyd Jesus gekom het, 'n volmaakte Antwoord op hulle profesie dat Hy sou kom. Nou, almal van ons sal erken dat Jesus nie teenstrydig met die Skrifte gekom het nie. Hy het presies gekom volgens die Skrifte, maar teenstrydig met die manier wat die priesters vir die mense gesê het dat Hy sou kom.

146 Nou, die profete het gepraat oor, byvoorbeeld, Jesaja, het gesê: "Al die berge spring soos rammetjies, en die blare klap hande; en die hoë plekke word laag gemaak, en die lae plekke hoog gemaak," by die koms van Johannes die Doper.

147 Wel, ek verwag die mense het gedink dat God net die gange sou oopmaak, en met die goue trappe sou afstuur, en 'n groot, magtige profeet, geklee in die priester se klere, sou afstap en sê: "Ek is die stem van die een wat roep in die woestyn. Ek het pas uit die gange van die Hemel gekom om Kajafas hier te groet, en. . . " [Leë kol op band—Red.] " . . .groot werk het hy gedoen," en aan die verskillende priesters, en watter werk hulle gedoen het.

148 Dis hoe hulle dit verwag het, maar wat het dit gebeur? 'n Ou bebaarde woudbewoner het uit die wildernis gekom met nie 'n. . .hy het in die wildernis ingegaan op die ouderdom van nege, Sagaría se seun, 'n vreemde geboorte gebore, het uit die wildernis gekom, daar gestaan, daardie priesters bestraf, en sê: "Julle addergeslag in die gras, wie het julle gewaarsku om te vlug van die toorn wat sal kom?" Sjoe! Wat 'n ander man! Sien?

149 Wat was hy? Gestaan in modder tot by sy enkels. Geklee in mooi klere? 'n Stuk skaapvel om hom gedraai, met 'n kameelvelgordel aan. O, goeiste, hoe hy die omstreke geskud het! Hy het die Evangelie gehad. Dit was heeltemal anders.

En hulle het gesê: "Hierdie is 'n wilde man, wat mense met water verdrink. Ja, daar, hy's 'n—hy's 'n. . .goeiste, wat 'n kêrel is *daardie*."

150 Toe, toe Jesus gekom het, 'n swart naam wat hom gevolg het as 'n buite-egtelike kind, wat buite die heilige huwelik gebore is, 'n verstoteling, ensovoorts, en hier kom Hy uit, onderskei die harte van die mense, en vertel hulle hulle gedagtes, en wat hulle

gedagtes waarneem, en doen presies wat God gesê het Hy sou doen en die profete gesê het Hy sou doen. Toe het hulle gesê: “Hierdie man is ’n duiwel.” Um-hum.

151 Sien, hulle het gesê, hulle moes hulle gemeente antwoord, hulle het daar gestaan, hulle, daar was geen twyfel dat Hy dit gedoen het nie, so hulle moes *een of ander iets* opmaak, so hulle het net gesê, in plaas van om dit in die Skrifte te bestudeer, soos Jesus gesê het om die Skrifte te bestudeer, “Ondersoek die Skrifte, Dit is Hulle wat van My getuig,” het Hy gesê: in plaas van om dit te doen, het hulle hulle gemeente geantwoord: “Hy is Beëlsebub, die hoof van die duiwels.”

152 Nou, enigiemand weet dat ’n fortuinverteller ’n duiwel is, dis al, dis ’n duiwelgees. Maar sien, hulle het die Gees van God ’n duiwelgees genoem. Dis waarom Jesus vir hulle gesê het dit godslastering van die Heilige Gees was en nooit vergewe sal word nie. Sien?

153 Nou, en so het Hy hierdie tekens gedoen, en hulle was . . . Hy het hulle bestraf, omdat hulle dit nie geglo het nie. Hulle—hulle wou . . . hulle—hulle kon nie glo nie, en tog is die Jode beveel om na daardie soort teken te soek.

Nou, sê die Bybel nie: “Die Jode soek tekens, die Grieke wysheid,” nie? Paulus het gesê: “En ons preek Christus as gekruisigde.” Sien?

154 Die Jode sou tekens soek, omdat hulle beveel is om dit te doen. Dis waarom hulle dit gedoen het, sodat hulle nie hulle Messias sou mis nie, sien, want Hy moes ’n Teken wees vir die kerk, vir die mense. En Hy het presies gedoen wat Hy veronderstel was om te doen, en tog het hulle Hom nie geglo nie, as gevolg van hulle tradisie. So Jesus het hulle bestraf vir hulle ongeloof. Hulle moes dit geglo het, maar hulle het nie.

155 En ons vind uit dat in alle geslagte, oral, in alle geslagte, waar God verskyn, bonatuurlike teken gekom het. Daar was nooit ’n herlewing nie, neem Luther, Wesley, wie dit ook al mag wees, Goddelike genesing en groot tekens en wonders het elke herlewing vergesel, want God is bonatuurlik, en waar die bonatuurlike is, sal bonatuurlike gedoen word. En die rede waarom dit bonatuurlik is, want bonatuurlike Gees kry mense beet en doen bonatuurlike dinge. Sien? God is ’n Skepper, en as Hy in ons hart is, wel, sal die Gees altyd sê: “Amen,” op Sy Woord.

156 Nou, in die Ou Testament het hulle—het hulle twee maniere gehad om te weet of ’n man reg was. Eers het hulle ’n wet gehad, daar’s die Tien Gebooie. Maar as ’n profeet geprofeteer het, en dan, ’n dromer ’n droom gedroom het, het hulle ’n ander manier gehad om uit te vind. Maak nie saak hoe goed dit geklink het nie, sien, hulle het ’n bonatuurlike manier gehad. God het Homself altyd bevestig. Moet dit nie vergeet nie. Sien? God bevestig Homself deur die bonatuurlike, alle eeue.

157 Dan kom hier ’n man wat ’n profeet was, en hy het geprofeteer, en dit klink net so eg met sy teologie, dit het so eg geklink dat dit volmaak was. Maar julle sien, in hierdie dag was hulle vierhonderd jaar sonder ’n profeet. So hulle het gesê... Hulle het ’n klomp mensgemaakte teologie gekry. Ek sê dit nie om te minag nie, maar broers, dis waarin ons weer beland het, sien, net mensgemaakte begrip van wat kerk behoort te wees, wat Christus behoort te wees.

158 Nie om nou te verskil nie, as ek dit gesê het net om te verskil, wees God dan my siel genadig, behoort ek hier onder by die altaar te wees. Maar ek moet die waarheid praat. Sien?

159 Nou, nou kyk, en die predikerbroers weet dit, dat as ’n profeet geprofeteer het, of, ’n dromer ’n droom gedroom het, maak nie saak hoe goed dit klink nie, hulle het hom eers na die, wat genoem word, Urim en Tummim geneem. Nou, dit was ’n borsplaat wat Aäron gedra het, twaalf stene van die twaalf stamme, wat aan ’n paal in die gebou gehang het.

160 Hulle het hierdie profeteerder soontoe geneem, of hierdie dromer, en hy het geprofeteer, of—of sy droom vertel voor die Urim en Tummim. En as die bonatuurlike ligte begin flits het, God wat beweeg het op hierdie twaalf stene, ’n konglomerasie van ligte gemaak soos ’n reënboog, was dit God wat gesê het: “Dis waar.” Maar as die, dit dit nie gedoen het nie, dan het hulle dit nie geglo nie. Maak nie saak hoe goed dit geklink het nie, dit was verkeerd.

161 Nou, toe daardie priesterskap vernietig is, die Aäron-priesterskap, toe is daardie Urim en Tummim weggeneem. Maar in hierdie priesterskap, die Melgisédek-priesterskap, het ons ook ’n Urim en Tummim. Maak nie saak hoe goed ’n prediker jou kan vertel dat die dae van wonderwerke verby is nie, dat daar nie so-iets is soos praat in tale in hierdie dag nie, daar glad nie so-iets soos die doop van die Heilige Gees is nie, dit sal nie op God se Urim en Tummim flits nie, en die Urim en Tummim van hierdie dag is die Bybel.

162 As die Bybel sê dis so, hoe kan jy sê dit was net vir die apostels? Petrus het op die Pinksterdag gesê: “Bekeer, elkeen van julle, word gedoop in die Naam van Jesus Christus tot die vergewing van julle sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang; want die belofte kom julle toe, en julle kinders, en aan hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep.” Ek kan julle duidelik wys waar God die Kerk krag gegee het om die siekes te genees. Nou, wys iemand my waar Hy gesê het: “Nou, sal Ek dit terugtrek.” Wys dit vir my, waar dit is. Dit is nie daar nie.

163 Is, die krag is in die kerk, maar die kerk het dit vergeet, hulle beoefen dit nie, hulle pas dit nie toe nie. So julle sien, dit het

weer, 'n teologie geword, 'n mensgemaakte teologie, en wanneer dit gebeur, vergelyk dit nie met God se Bybel nie.

164 God se Bybel bly steeds dieselfde: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Die werke wat Ek doen, sal julle ook. Kyk, Ek is altyd met julle, selfs tot aan die einde van die wêreld." Sien? O, dis: "Hy wat in My glo, hy sal lewe, al het hy ook gesterwe; en wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterf nie. Glo jy dit?" Hy het gesê.

Martha het gesê: "Ja, Here ek glo dat U die Seun van God is wat in die wêreld ingekom het."

Gesê: "Waar het julle hom begrawe?"

165 Daar is altyd, iets moes gebeur het wanneer ware geloof in lyn gebring word met die Woord van God. Daarom, broers, is die Woord van God elke keer reg. Maar daardie priesters het Dit omgedraai en tradisies gemaak: "Ons is Fariseërs, ons was die potte op *hierdie* manier." "Ons is Sadduseërs, ons was hulle op *hierdie* manier."

166 O, goeiste. Wat is dit? Neem een van, dis soos vandag: "Ek's 'n Metodis hierdie week, 'n Baptis hierdie week, 'n . . . " Weet julle wat? Dis net soos om een te neem, 'n lyk, van een lykshuis na 'n ander. Dis net presies omtrent die waarheid, ja, hulle sluit by kerke aan.

167 Waarom vergeet julle nie daarvan en kry julle naam geskryf in die Lam se Boek van die Lewe in die Hemel nie? Dis waar dit nooit verander sal word nie, dis reg, geskryf deur die Naam en die Bloed van Jesus Christus in die Hemel, daar sal sy dit nie van kerk tot kerk hoef te verander, jou naam nie.

168 Daar's net een Kerk, een Christen Kerk, en daar's net een weg Daarin, nie 'n handskud, nie besprinkeling, nie een of ander vorm van waterdoop nie, maar deur een Gees word ons almal gedoop in een Liggaam, en word lede van die Liggaam van Christus.

169 Nou, maar julle sien, hulle het hulle tradisies geneem en die gebooie van God kragteloos gemaak. Jesus het vir hulle probeer sê: "Ek het net presies gekom soos die profeet gesê het Ek sou kom, en julle wou dit nie glo nie." En net 'n woord voor hierdie, het hulle gesê: "Ons wil 'n teken van jou sien. Ons wil 'n teken sien." O, in elke, elke geslag het God gawes in Sy Kerk gehad.

170 Nou, ons let op, voor ons by ons teks kom, het Hy terugverwys na Jona. En baie mense het altyd aan Jona gedink as 'n man wat die wil van God gemis het; ek glo nie dat enige mens wat in die wil van God wandel, die wil van God kan mis nie. Ek glo nie dat enige mens wat in die Gees wandel, die wil van God kan mis nie. Hy mag dink hy het, maar God laat dit net alles reg verloop, Hy laat alles reg verloop.

171 Party van julle predikers het gedink: "O, goeiste, waarom het ek na hierdie plek toe gekom? Wel wat het hier oorkant gebeur?

Waarom het ek *hierdie* verlaat? Maar ek het gelei gevoel om dit te doen."

172 Ek het vandag met 'n predikertjie gepraat, broer is hier op die platvorm, wat 'n kerk verlaat en na die Indiane toe gaan, waar hy net hier en daar moet gaan, waar hy ook al kan, 'n goeie kerk verlaat, gesê hy het gelei gevoel om dit te doen. Ek het gesê: "Seun, bly by jou leiding. Dis, maak nie saak of jy op jou maag moet lê en rivierwater drink en sodabeskuitjies eet, en jy hoender drie keer per dag moes prysgee nie, bly in die wil van God." Dis reg, maak nie saak wat die prys is nie, bly daarby, God het dit genoem. Nou, ons vind dat dit waar is.

173 Nou, let nog iets op, toe vind ons dat Hy na Jona verwys het, Hy het gesê: "Soos dit was in die dae van Jona, soek 'n bose en owerspelige geslag na 'n teken; daar sal een vir hulle gegee word, soos dit was in die dae van Jona." Nou, Jona, ons weet, ons dink dat God hom na Ninevé toe gestuur het, maar hy het op die pad gekom en na Tarsis toe gegaan, ons dink die profeet het afgedwaal, hy het nie afgedwaal nie.

174 Ek het iets van hom gelees, hier, nie lank gelede nie, en dit het baie goed geklink vir my, en hier is hoe dit gelui het: Jona het op die boot geklim, en hy het soontoe gegaan, en mense het gedink dat hy buite die wil van God was, maar hy was in die wil van God. Ons weet 'n storm het opgekom, en hulle het sy hande agter hom vasgebind, en sy voete, en hom uitgegooi in die water, en God het 'n groot walvis laat opkom, of groot vis, en hom ingesluk.

175 En enigiemand weet dat wanneer 'n vis eet, dit gewoonlik ondertoe gaan in die water en dan sy vinne laat rus, sy dobbers, vinne, op die bodem van die water. Voer jou klein goudvissie en kyk wat gebeur, hy vul sy magie, hy sal reguit afgaan, sy vinnetjies op die bodem sit, en—en 'n bietjie rus. Sien? Hy het sy maag gevul, so hy—hy gaan net af om te rus. Wel, toe hierdie walvis sy maag met prediker gevul het, het hy—hy reguit afgegaan, en, na die bodem om te rus.

176 En ek het altyd jammer gevoel vir Jona, julle weet, Jona, as daar enigiemand is wat 'n—'n rede het om van simptome te praat!

177 So baie van ons sê: "Wel, daar is vir my gebid, maar ek is nog steeds siek." Wat het dit daarmee te doen? Jy is gevra om te glo, nie om te voel nie, maar te glo. En jy sê: "Wel, daar is vir my gebid, ek het 'n siek hand gehad twee aande gelede, geen verskil nie, ek reken ek het dit gemis." Wel, jy het dit aan die begin gemis. Sien? As jy dit van die begin af sou geglo het, sou jy nooit enige aandag daaraan geskenk het nie. Sien?

178 Praat van simptome, Jona het simptome gehad! Kyk hier: Nou, hy was onder in die maag van die walvis, hande agter hom vasgemaak, voete agter hom vasgemaak, in 'n stormagtige see, waarskynlik veertig vaam diep in die see, in die maag van die walvis, die braaksel van die walvis oral om hom; hy na *hierdie*

kant toe gekyk het, was dit walvismaag, aan *daardie* kant was walvismaag, oral waar hy gekyk het, was walvismaag. Daar is niemand met wie dit so sleg gaan hier vanaand nie, is ek seker. O, walvismaag oral waar hy gekyk het.

Maar weet julle wat hy gesê het? Hy het geweier om dit te sien. Hy het gesê: "Hulle is valse nietighede; maar nog een keer sal ek kyk na U heilige tempel, Here." O, goeiste!

179 Jona het geweet dat toe daardie tempel toegewy is, dat Salomo gebid, en gesê het: "God, as U volk êrens in die moeilikheid is en sal kyk na hierdie heilige tempel en bid, hoor dan uit die Hemel." En Jona het vertroue gehad dat daardie man geloof in God gehad het, en God Salomo se gebed gehoor het. En God het daardie man lewendig gehou vir drie dae en nagte in die maag van daardie walvis, en hom afgelewer op die regte plek. Of Hy 'n suurstoftenk daarin gesit het, ek weet nie wat Hy gedoen het nie, maar Hy het hom aan die lewe gehou.

180 En as Jona, onder daardie omstandighede, in daardie toestand, kon kyk na 'n tempel wat deur die mens gemaak is en deur 'n man oor gebid is, hoeveel te meer behoort ons, vanaand, onder hierdie toestande, weg te kyk van 'n tempel, maar na die Troon waar God daar sit, en Jesus aan Sy regterhand met Sy Eie Bloederige klere wat voorspraak maak volgens ons belydenis, wat as 'n Hoëpriester op 'n Troon sit. Simptome beteken dan niks vir ons nie, God het so gesê en dis al.

181 Jesus sit daar vanaand om jou belydenis reg voor God te maak. Hy's 'n Hoëpriester om voorspraak te maak volgens ons belydenis. Jy moet dit glo en dit bely, dat dit so is, en dan kan Jesus daaraan begin werk vir jou. O, ja.

182 God het hom drie dae en nagte aan die lewe gehou. En ons vind hom toe. . . Daar word vir ons vertel dat al die Nineviete weggedraai het van God en diere gaan aanbid het, wat 'n heidense gewoonte is.

183 En hulle was, omtrent oral rondom Ninevé, dit was op die seekus, so die beroep was visvang, en die god van die see was die walvis, hy was die grootste spesie in die—in die oseaan, en dit was die god van die oseaan.

184 Eendag omtrent voormiddag, toe hulle almal daarbuite besig was om vis te vang, die duisende van hulle wat visgevang het, kom die groot walvisgod meteens op, kom op langs die strand en lek sy tong uit, en die profeet het reg uit sy mond uitgeloop. Hulle het beslis bekeer, beslis, die god van die see het die profeet net gebring. God weet hoe om dinge te doen. So Hy moes hom in 'n walvis se maag sit, sien julle nie?

185 So Jona het God nie verkeerd gedra nie, hy het nie ver-. . . hy—hy het na God geluister. God het dit gedoen om te wys dat Hy God was, hom uit 'n walvis se bek laat uitloop reg op die strand,

en dit was die god wat die profeet gebring het, hulle sou beslis na hom luister.

186 Ek kan hom deur die straat sien gaan, en daardie kaalkop wat blink, wat sê: "Bekeer, of binne veertig dae sal hierdie stad vernietig word!" Wel, hulle het sakke op hulle diere gesit; het hulle bekeer. Ja, meneer.

187 O, Jesus het terugverwys, en gesê: "'n Bose en 'n. . ." Ek gaan. . .Luister hierna, gesê: "'n Bose en 'n owerspelige geslag soek na 'n teken." Soek 'n teken, almal moet 'n teken hê: "Hierdie een het. . ."

188 "'n Bose en 'n owerspelige geslag," ek sal julle een ding sê, as julle goed sal luister, sal julle uitvind hy het van *hierdie* geslag gepraat, 'n bose, bose en 'n owerspelige, soos Sodom.

189 Ek was in Los Angeles, 'n paar weke gelede, in 'n groot herlewing daar by die Gemeentes van God, op die Munisipale Ouditorium in Long Beach, 'n koerant opgetel, en homoseksueel het veertig persent toegeneem, mans wat die natuurlike gebruik van lewe, verdraai. Kyk, nasies verbrokkel. Sonde het oorgeneem.

190 Wat doen hulle aan die. . .? Wat het hulle die heeltyd aan die Kerk van God gedoen? Het vir hulle gelag, en hulle holy-rollers genoem, en Pinkster fanatici. Hulle verdien dit. Die nasies verdien dit.

191 Al hierdie nasies moet verdwyn, want daar is 'n Koninkryk wat kom. Halleluja! Gaan my 'n holy-roller noem, in elk geval, so julle kan net sowel nou gewoond raak daaraan. Ja, ek glo daarin, daar is 'n Koninkryk wat kom en 'n Koning. O, goeiste!

192 Ons let op Jesus het gesê: "'n Bose en 'n owerspelige geslag sal 'n teken soek," en hulle sal dit kry, hulle sal die teken kry, daardie bose en owerspelige ges-. . . "want soos Jona drie dae en nagte in die maag van die walvis was, so moet die Seun van die mens wees."

193 Watter soort teken sou hierdie bose, owerspelige geslag kry? Die teken van die opstanding. Amen. Dis wat ons nou vind, Christus lewend onder ons, die teken van die opstanding, amen, die Christus van Galiléa wat dieselfde dinge doen, dieselfde werke met Sy mense, lewe onder die sterflinge, wat die tekens van 'n lewende God onder hulle doen.

194 Daardie bose en owerspelige geslag waarin ons lewe, het die teken van Jona gekry, die opstanding, die opstandingskrag wat die sondaar uit die lewe van sonde kan oplig; sondige vroue kan neem, ongelowige, goddelose, duiwelbesetenes, gelowiges van hulle kan maak; mans neem wat so laag en gedaal is in sedes, here van hulle kan maak. Soos dit was in daardie dag, sou 'n bose en owerspelige geslag 'n teken ontvang, en dit sou die teken van die opstanding wees.

195 Onthou, in gisteraand se boodskap, of, gistermiddag, dat ons lewe in die laaste dae, in die teken van Abraham se Saad wat dieselfde laaste teken kry. Ek sal enige man of vrou vra om vir my een teken te vertel wat in die Bybel belowe is buite hierdie laaste teken, wys waar dit was. Hoedat Abraham, deur regverdigmaking gebring is, Luther se eeu, heiligmaking, Wesley se eeu, Heilige Gees, Pinkstereeu, wat bevestig, die gawes in die, Sy Kerk plaas, en toe verskyn het met Sy rug gedraai, en die gedagtes van Sara onderskei het, aan die agterkant, en agter Hom soos *daardie*, en die volgende ding was 'n Vuur vir die ongelowiges, en die gedaanteverandering van Abraham se liggaam, en hulle, om die beloofde seun te ontvang. Ondersoek die Skrifte en wys my.

196 Ons is by die eindtyd, kerk, ons is aan die einde van die pad, spotters, goddeloos. Verskoon my, ek—ek wil nie op julle skree nie. Maar spotters, eindtydtekens waarin ons nou lewe, verdraaide harte, verdraaide verstande, teenstrydig met God. "Roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; verraaiers, kwaadsprekers, onversoenlik, en sonder liefde vir die goeie." Julle sê: "Dis kommuniste," dis belydende Christene. Die Bybel het gesê, net die volgende vers: "Wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag van God verloën," sien: "keer julle van sulkes af." Dis Skriftuurlik. Hy het dit in daardie teken ingebring.

197 Dan die volgende, vind ons uit, het Hy toe verwys, na Salomo se tyd. Elke geslag het God gawes gehad, deur die eeue. Nou, let op in die dae van Salomo, al julle Bybellesers weet, dit was die goue eeu van Israel, God het vir hulle 'n gawe gestuur, hulle het dit geglo. In die dae van Salomo was daar geen oorlog nie, hulle was almal bang, want die mense was een van hart, eensgesind. God het vir Salomo 'n gawe van onderskeiding gegee, en dit was so magtig, dat elke persoon in Israel, almal van hulle, dit geglo het. Hulle het die tempel gebou, daar was geen oorloë nie, en die nasies het vir hulle geskenke en goed gestuur. Ek sal dit sê, omdat hulle geglo het, en hulle gewildheid regoor die wêreld gestrek het, en die magtigste nasie wat daar in die wêreld was.

198 Ek sal vanaand sê dat Kanada, Verenigde State, ons hoop is nie gebou op iewers waar ons in 'n bomskuiling kan ingaan om weg te kruip van die atoombom nie. Hoe kon jy ooit buite die bereik daarvan grawe? Wel, dié waarvan ons weet sal 'n gat in die aarde blaas honderd-en-vyftig voet diep vir 'n honderd vierkante myl. Dis dié waarvan ons weet. Wat van dié waarvan ons nie weet nie? Wel, as jy vyfduisend voet grawe, sou jy, wel, natuurlik, sou jy in lawa wees, maar as jy vyftienhonderd voet gegaan het, wel, sou die skudding daarvan elke been in jou liggaam breek. Daar's geen manier om rondom dit te grawe nie, die uur het gekom.

199 Maar ons het wel 'n bomskuiling, dis nie van staal gemaak nie, dis gemaak van vere, "Onder Sy vleuels sal ons bly." Wanneer

die bom val, sal ons in die Heerlikheid wees. Maar julle let op hierdie uur het by ons aangebreek.

200 Nou, wat as die hele Kanada, die hele Verenigde State, almal van ons hier saam, sou glo in die gawe wat God ons gegee het, die Heilige Gees? Wel, jy hoef nie bekommerd te wees oor Rusland nie. Wel, die nasies sou ons vrees, God sou 'n vrees op hulle plaas.

201 Hy het dit gedoen toe hy in Palestina ingegaan het. Onthou wat Ragab die hoer vir die spioene gesê het? "Vrees! Ons het geen lewe in ons oor nie, want ons het gehoor wat God vir julle gedoen het."

202 God kan dieselfde ding doen, maar wat probeer ons doen? Ons eie prestasie behaal. Waarom nie God se manier neem om dit te doen nie?

203 Wat sou gebeur in Kanada vanaand, as elke man en vrou wat verklaar het om Christene te wees sou bymekaar kom en bid en die doop van die Heilige Gees aanvaar? Die nasies sou so bang wees vir Kanada! Net 'n klein handjievol mense hier, en die yslike groot gebied soos julle is, maar julle sou—julle sou die nasies op hulle knieë hê, sekerlik, julle sou. Want ons aanvaar dit net nie, dis al. In die dae van Salomo het hulle almal aanvaar.

204 Kan julle julle almal voorstel wat deur Palestina kom en sê: "O, het julle al ooit die kerk bygewoon?"

"O, wel, natuurlik, ek aanbid 'n ander een."

"Maak nie saak wat jy aanbid nie,"

"O, ek het gehoor van julle . . . "

205 "Kom oor. Kom oor en sien die groot gawe wat God ons gegee het. O, ons het 'n . . . ons God is 'n lewende God, ons God het ons 'n groot gawe gegee. Wel, dis op een van ons broers, ons het hom koning gemaak. En jy behoort te kom, hierdie gawe te sien, o, dis volmaak, dis 'n onderskeiding, en mense kom deur en sien dit."

206 Wel, daardie dae, het hulle nie televisie gehad nie, dank die Here, en so, of, dinge soos ons vandag het nie, en die enigste manier wat hulle geken het, was om nuus oor te dra van lip tot oor, en deur die karavane soos hulle by die land verbygaan.

207 En oral wat mense deurgekom het in hulle besigheid en handel, ensovoorts, sou hulle weggaan, sê: "Jy moet na Israel toe gaan. O, jy moet sien wat hulle God gedoen het. Hy het Sy Gees op 'n man geplaas, en daardie man het wysheid, onderskeiding. Dis so magtig dat niks voor hom kan staan nie."

208 Wat 'n groot ding was dit nie. O, die mense sou wonder. Alle nasies het gevrees, hulle het duisende skape en osse gestuur, alles, om vrede te maak met hulle, "Ons wil nie hê *daardie* mense moet kwaad wees vir ons nie." Want, julle weet, daar staan geskrywe: "Dis beter dat 'n meulsteen om jou nek gehang word, jy weet, en te verdrink in die . . . "

209 So uiteindelik het die woord *ver* onder in Skeba gekom. Dis ander kant die Sahara Woestyn, onder in die suide: "Die Koningin van die Suide," het Jesus daarna verwys. En toe het Hy gesê dat toe hierdie koningin, almal wat deurgekom het, en deurgegaan het, hierdie groot karavane van kamele en dinge, sou hulle almal sê: "Wel, hoe gaan dinge bo in *hierdie* nasie?"

210 Almal: "Wel, goed, maar jy behoort na Israel toe te gaan. O, dis die wonderlikste ding wat jy ooit gesien het. Hulle God het Sy Gees op een van die broers geplaas, en daardie mense is eensgesind." Goeiste, daar het jy dit! "Elke Israeliet glo in Hom."

211 O, as ons net eendragtig kon word, ons harte vestig, nie omdat ons Metodis, Baptis, Presbiteriaan is nie, maar ons harte vestig op die gawe, die Heilige Gees. Eendragtig: Metodiste glo dit, Baptiste glo dit, Pinksters glo dit, Presbiteriane glo dit, Katoliek glo dit. O, goeiste, sou dit nie wees 'n. . .? O, dit sal in die Millennium wees. Sekerlik, eendragtig.

212 "Almal glo dit, jy behoort hulle net te sien. O, goeiste, hoedat hulle God Sy wysheid op daardie man uitstort! Jy het nog nooit so-iets gesien nie, daar's niks wat voor hom kan staan nie. En hy's net 'n man, maar dis God se Gees op hom."

Wel, wat, hoe kom geloof? Deur die gehoor. Die koninginnietjie sê: "Is dit so?"

"Ja." Geloof.

Toe het die volgende karavaan deurgekom. "Het—het, sê, wag 'n bietjie, was jy in Israel?"

"Ja."

"Is dit so?"

213 "O, dis—dis beslis waar. Jy het nog nooit *so-iets* in jou lewe gesien nie. Ek het eendag daar in die diens gestaan, en ek het daardie man die mense sien onderskei tot, dit net iets bonatuurliks moes wees."

214 "Geseënd is hulle wat honger en dors na geregtigheid." Sien? Sien, geloof kom deur die gehoor, die gehoor van die Woord van God. Nou, sy het begin dors om self te gaan kyk.

215 Nou, onthou, sy het baie gehad om te konfronteer. Eerste ding, sy was 'n heiden. Nou, sy sou moes afgaan na haar kerk en toestemming kry om te gaan. Kom ons neem, kom ons gaan 'n rukkie saam met haar, wat sê julle?

216 Sy gaan af, sy sê: "Heilige eerwaarde vader, ek het gehoor dat daar 'n groot bonatuurlike krag bo in Israel is. Hulle het 'n herlewing. En hulle sê vir my dat hulle God Sy Gees op 'n man geplaas het, en hy doen werke wat 'n mens nie kan doen nie. Dit moet hulle God wees wat dit doen."

217 Ek kan hom hoor sê: "*Ahem, ahem*!" Die biskop, jy weet: "My dogter, besef jy dat jou ouma aan hierdie kerk behoort het? Jou

oumagrootjie het aan hierdie kerk behoort, haar oumagrootjie het aan hierdie kerk behoort, jy is 'n lidmaat hier, en jy is 'n waardige persoon, jy is 'n koningin. Moet jy nooit jouself assosieer met daardie klomp holy-rollers, uh, jy weet, *mense*, daardie," verskoon my: "daardie *klomp* daarbo nie, want hulle is net 'n bietjie . . ."

218 "O, maar meneer, hulle sê vir my dat, hulle . . . Hy, die Gees van hulle God is op 'n man," sien: "en dat hulle is . . . en dat hy werke doen soos God doen, soos hulle God."

"Wel, luister, my dierbare koningin, ek is jou vader-biskop, en as daar so-iets soos daardie was, sou dit in ons gemeente gebeur het."

219 Julle weet daardie geeste sterf nie, hulle—hulle bly net voortleef. Sien? "Dit sou met *ons* het gebeur as daar so-iets was, maar omdat dit nie in ons denominasie is nie, wel, natuurlik, is daar niks daaraan nie, dis net emosie. Dis waarskynlik telepatie. O, ons het gehoor van sulke dinge soos daardie, maar dis gerugte. Moenie enige aandag daaraan gee nie."

Dit het haar nie tevrede gestel nie, sy het gesê: "Maar, meneer, kyk, hulle sê vir my dat dit 'n lewende God is."

"Skat, kyk na die—kyk na die gode wat ons hier het."

220 "Ja, dis reg, al die boeke en gode, maar ek het nooit niks in hulle sien beweeg nie, Ouma het niks in hulle sien beweeg nie, en haar ouma het niks in hulle sien beweeg nie, hulle is niks anders as 'n klomp woorde nie, hulle is niks anders as 'n klomp afgode nie. Maar hulle sê vir my *Daardie* is 'n lewende God, Wat in lewende wesens lewe." Amen. "Ek wil iets eg sien." Seën haar hartjie. "Ek wil iets sien wat 'n bietjie lewe daarin het, nie 'n dooie afgod nie, nie 'n dooie formele teologie nie."

221 "Ek glo in God, die Vader, Almagtig, Skepper van hemele en aarde; ek glo in die Heilige Rooms Katolieke Kerk." En sê dis die Apostoliese Geloofsbelydenis? Wys my wat, die Apostoliese Geloofsbelydenis daar in die Bybel. Nie 'n woord daarvan in die Bybel nie. Dis reg. Dis mensgemaakte teorie. Daar's geen . . .

222 Ek is nie, ek bedoel nou nie om gemeen te wees nie, ek—ek wil julle net sê wat waar is. Maar voor jy 'n plank kan laat vassit, moet jy dit inslaan, en die spyker omklink, en ons moet hierdie omklink. Sien?

223 Wie het ooit van so-iets soos Apostoliese Geloofsbelydenis in die Bybel gehoor. Nee, dis onsin. Al daardie geloofsbelydenisse, hulle bring jou nêrens nie. Julle het dit vir jare gesê, en julle dwaal steeds rond in sonde en tas rond in die duisternis, wat 'n vorm van godsaligheid het. En wanneer die Heilige Gees iets doen, noem julle dit 'n duiwel. Julle verseël julleself die heeltyd weg van God. Dis reg. Luister, broer en suster, moet julle nie so wees nie, word wakker, ons is by die eindtyd.

224 "O," gesê: "Nou, skat, as daar enige wonderwerke gedoen moes word, sou ons—ons kerk dit hier hê." Dit het nie tevrede gestel nie. "Nou, onthou, jy is 'n koningin, jy behoort aan die—die Rebekka's, of, *een-of-ander* vereniging, jy is 'n lid van die Kiwanis, of, sien, jy kan nie jouself assosieer met sulke uitvaagsels soos—soos daardie klomp daarbo nie, jy sien."

225 Julle was daarmee gekonfronteer. Lid waarvan? Ek sou liewer 'n lidmaat van die Liggaam van my God wees as om al julle verenigings te hê. Gooi dit in 'n asblik. Reg! Staan vir Christus: "Op Christus, die vaste rots, staan ek; alle ander grond is dryfsand." Enigiets teenstrydig met daardie Woord: "Laat—laat elke mens se woord 'n leuen wees," het God gesê: "en Myne die waarheid wees." Dis reg. Sekerlik. Laat elke mens se woord 'n leuen wees.

Wel, haar hartjie was nog steeds honger. Julle weet, as julle honger is, sal God 'n weg vir julle maak. Um-hum.

Party van hulle het gesê: "Moenie soontoe gaan nie, dis Pinkster."

226 Watter verskil maak dit? God met jou hart praat, gaan in elk geval. Jy hoef nie die biskop te vra of jy kan gaan of nie. God praat met jou, wie gaan jou oordeel, die biskop of God. Sien? Nou, die eerste ding, julle weet, het sy gesê: "Wel, ek sal in elk geval gaan."

"Wel, ons sal jou naam van die boek afhaal."

227 "Wel, haal dit net af." Dis reg. "Ek—ek gaan, ek gaan, want iets binne-in my is honger." O, wanneer die diepte roep na die diepte, die klank van U waterstrome! "Ek gaan in elk geval."

"Wel, sal jy skande bring oor jou moeder se godsdiens?"

228 "Moeder s'n of nie Moeder s'n nie, daar is iets in my hart wat vir my sê om vir myself te gaan uitvind, ek gaan nie hierbuite staan en dit saam met julle kritiseer nie, ek gaan self uitvind." God seën haar hartjie. Dis die manier. "Gaan elke Hebreeuse Boekrol koop van elke profeet wat ooit gespreek het. Ek gaan kyk hoe hulle God was, en as hulle God werklik is en Homself, wat Hy vir daardie profete was, op daardie man plaas, sal ek sê: 'Hy's God.'" Amen. Dis die manier om dit te doen. Ondersoek die Skrif, kyk of Hulle reg is of nie. Amen. Ek amen nie myself nie, maar *amen* beteken "laat dit so wees." Ek—ek glo dit met my hele hart.

229 Hier, nou, sy het baie gehad om te konfronteer. Ek kan haar haar kameeltjies sien bymekaar kry, en haar klomp meisietjies bymekaar, haar klomp hofdienaars en—en nou het sy gesê: "Weet julle wat? Ek gaan soontoe, en ek gaan uitvind. En as dit waar is, gaan ek dit ondersteun." So sy het haar kamele gelaai met goud, en wierook, en silwer, rykdom. Nou, sy sê: "As ek daarbo kom, en

as dit *so* is, gaan ek dit ondersteun. As dit nie *so* is nie, kan ek my geld terugbring."

230 Dit sou 'n goeie ding wees vir Pinkstermense om te leer, wat programme ondersteun op tele-. . . op—op hierdie radio hier, wat sou rondstaan, lag, en jou daarna 'n holy-roller noem. Dis reg. Ondersteun jou pastoor, ondersteun jou kerk, ondersteun die saak wat vir die regte ding staan. Dis reg.

231 Sy het gesê: "As dit nie reg is nie, sal ek my geld terugbring. As dit reg is, is ek iets daaraan verskuldig." Dis hoe ons behoort te voel. As dit God is, nie net ons geld nie, ons geld is gering, maar ons skuld Hom ons harte, ons tyd, ons talente, en alles wat ons het, ons is dit aan God verskuldig. As dit reg is, laat ons daarop ingaan met alles wat ons het. As dit nie reg is nie, gaan soek wat reg is, gaan dan daarin.

232 Jesus het gesê: "As Ek duiwels uitdryf, julle dit op 'n beter manier kan doen, kom doen dit. Julle dit beter kan doen, kom doen dit dan op 'n beter manier," het Hy gesê: "maar as Ek duiwels uitdryf deur die vinger van God, weet dat die Koninkryk van God na aan julle gekom het." Sien? "Nou," het Hy gesê: "as julle 'n beter manier het as wat die Skrif sê, laat ons julle dit sien voortbring." Sien? Dis reg.

233 Ek het dit gesê in 'n groot kollege nou die aand, toe die dekaan en hulle almal daar gesit het, hy het nie geweet nie, nou, soos daardie man, wat daar sit en dit dink, nie geweet het dat ek dit reg op die platvorm gekry het nie. Sekerlik. Hy het daaragter gesit en gesê: "O, hy het sekerlik. . . is beslis 'n sielkundige. Hy beslis. . . "

234 Ek het gesê: "Dan as ek 'n sielkundige is, Dekaan, vra ek jou om hier na die platvorm toe te kom en hierdie diens voort te sit. Ek het geen Ph.D. nie en weet niks van sielkunde af nie. As jy 'n beter manier het om dit te doen, kom dan hiernatoe," die dekaan van die skool. Ek het gesê: "Daar 'n doktor in sielkunde is, kom hier op en doen dit, kom aan, julle is doktore in sielkunde. Maar as julle dit nie kan doen nie, bly dan stil daaroor." Reg. Dis reg. Julle dit nie kan doen nie, dit kan voortbring nie, bly stil. Los God uit. Reg. So, dit was 'n baie stil groep.

235 So ons vind die koninginnetjie, sy het alles gereed gemaak om te gaan, en sy het haar kamele gelaai. Nou, onthou, sy het baie gehad om te konfronteer, onthou, in daardie dae was die seuns van Ismael in die woestyn, en hulle was rowers. O, wat 'n maklike prooi vir daardie klomp vlootryers, om reguit in te ry op daardie klomp wagte en hulle af te maai binne 'n oomblik, en daardie paar vroutjies daar, en hulle uitmekaar te kap, terwyl hulle daardie Sahara Woestyn oorsteek! En wat sou hulle dan doen? Al daardie rykdom vir hulleself vat.

236 Maar, julle weet, as jy dors na God, as jy honger, is daar geen vrees in jou pad nie. Julle weet, wanneer jy honger is vir God,

is daar nie tienmiljoen duiwels wat jou van Hom kan weghou nie, jy God glo, is daar nie 'n duiwel wat jou kan vashou nie, jy dink nie aan die omstandighede nie, jy het een doelwit, dis om na God toe te gaan, amen, ongeag wie enigiets daarvan sê. O, dit kon maklik vir hulle gewees het. Maar, julle sien, as jy honger en dors, sal jy gevul word, God sal toesien dat jy daar kom. Sy het nooit enigiets daarvan gedink nie.

237 Hoe lank was die reis? Meet hoe ver dit van Palestina af is, waar die tempel gebou is, al die pad af tot waar die koningin se paleis was in Skeba, oorkant die Sahara Woestyn. En sy het nie daar oorgegaan in 'n lugversorgde Cadillac nie, sy het oorgegaan op 'n kameel. Dit neem negentig dae, drie maande, op die rug van 'n kameel, party mense sal nie oor die straat kom om dit te hoor nie. Outomobiele, en vliegtuie, en alles, geen wonder Jesus het gesê nie: "Sy sal opstaan in die Oordeelsdag en hierdie geslag veroordeel, sy het van die uiterste dele van die wêreld af gekom om die wysheid van Salomo te hoor, maar hier is meer as Salomo," het Hy gesê. Sekerlik. En hier is meer as Salomo hier vanaand: die Heilige Gees, die einste God van Salomo. Hier is meer as Salomo.

238 Wat het sy gedoen? Nadat sy die woestyn oorgesteek het . . . het sy begin, reis in die nag, as gevolg van daardie direkte strale van daardie son sal die vel reg van jou afdop, en hier het sy deurgekom, daardie kamele, wat daarop gery het, daardie Boekrolle gelees het, wat Jehova was. Amen.

Op haar pad het die duiwel gesê: "Jy beter teruggaan."

239 "Ek is vasbeslote om uit te vind." O, broer: "Geseënd is hulle!" Hier kom hulle. "Nou, ons sien dat Jehova *hierdie* doen, Hy het in die profete verskyn. Hy het *hierdie* gedoen; *hierdie* is Sy weg. Die profete het dinge voorspel. Hier is 'n man met daardie selfde Gees van onderskeiding, en as *daardie* werk, sal ek uitvind, ek sal gaan kyk, en ek sal kyk of dit reg is." Uiteindelik het sy by die poort aangekom.

240 Nou, sy was anders as die vroue van 1961, sien, daardie weergawe van hulle, hulle kom in, gaan sit 'n paar minute: "As hy een ding teenstrydig sê met ons priester, sal ons kry, uitstap." Dit wys jy is swak opgevoed. Dis reg. Dis reg. Wys uit watter soort huis jy gekom het. Sien?

241 Nee, sy het gekom om te bly totdat sy tevrede was of dit reg of verkeerd was. Sy sou dit ondersoek met die Skrifte en dit uittoets en kyk of dit reg was. Sy het gekom om te bly totdat sy oor en oor oortuig was.

242 Sy het haar tentjie opgeslaan, en die kamele afgelaai, en haar geld versteek onder die plekke, en die wagte rondom opgestel. Die volgende oggend, kan ek my voorstel dat sy haar hare regmaak, julle weet, en haar—haar hande skoonmaak, en haar gesig, en haar beste kleed aantrek, en sy gaan kerk toe. Sy

gaan sit, en die hele—die orkes, die basuin het geblaas, en die musiek het gespeel, net voor die kerk begin het. En naderhand, het Pastoor Salomo uitgekom, uitgestap na die preekstoel, begin praat.

243 En toe die eerste persoon opgekom het, het sy gesê: "Nou, sal ek sien, ek weet net presies wat Jehova is, hulle God, ek gaan kyk of Hy so werk. Hy ken die gedagtes van die hart, hy ken die geheime van die verstand, so ons sal sien. Ek weet daardie man is 'n man, ek sien hom daar staan, hy het klere aan, hy's net 'n man, soos enige ander man, so ek sal net kyk of dit God in daardie man is." So die eerste ding, 'n persoon het oor die platvorm gekom na Pastoor Salomo, en hy het vir hulle die geheime vertel, bekend gemaak, toe het haar hartjie begin bokspring.

244 Volgende ding, die volgende dag, is meer gesê, die volgende dag, is meer gesê, dag na dag, en uiteindelik is haar gebedskaartjie geroep. En so, miskien nie so nie, in elk geval, julle weet, maar sy het in die gebedsry gekom, sy het gesê: "Nou, sal ek kyk wat hy sê wanneer hy by my kom." So naderhand stap sy op op die platvorm na waar hy was: "Aangename kennis?" En die Bybel het gesê dat daar geen vraag in haar hart was wat nie aan Salomo bekend gemaak is nie. Amen. Broer, dit het toe met haar gewerk.

245 Wat het sy gedoen? Sy het na die gemeente gedraai: "Ek is die Koningin van die Suide, ek het gehoor van hierdie groot gawe wat julle God aan hierdie man gegee het. En ek weet hy's net 'n man, ek het sy hand geskud, ek het na hom gekyk, hy's 'n man. Maar daar's 'n Gees op hom, want hy het my nie geken nie, maar God het aan hom geopenbaar wat in my hart is." En sy het gesê: "Sy God kan my God wees. Die dinge wat ek van Hom gehoor het, is—is wonderlik, hulle was alles waar, en meer as wat ek gehoor het." Want hoekom? Dit het met haar gewerk, sien. Sien? Dit was haar eie ondervinding. "Meer as hierdie. Dis groter as waarvan ek gehoor het." En sy het gesê: "Selfs geseënd is die manne wat die heeltyd by hom is om hierdie ding te sien werk, dat hulle daar was, geseënd is die manne." Sy sou nooit enige ander god behalwe daardie God aanbid nie. Hoekom? Sy het gehonger en gedors. Haar hart was tevrede.

246 Jesus het gesê: "Sy sal staan in die Oordeelsdag en hierdie geslag van Jode en Heidene veroordeel, want sy het gekom van die uithoeke van die wêreld om die wysheid van Salomo te hoor, en kyk, hier is meer as Salomo." O, ons het omtrent vyf-en-twintighonderd jaar van onderrig en ondervinding gehad sedertdien, en hier is meer as Salomo, die Heilige Gees, Jesus Christus in Geesvorm, wat in Sy Kerk woon, en dieselfde ding laat gebeur wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was, wat Sy opstanding wys aan die owerspelige geslag.

Wat was fout met haar? Hoekom het sy dit gesê? Luister, vriende, ter afsluiting, op hierdie manier. Sy het iets eg gesien.

247 En enige eerlike persoon wat verstandelik gebalanseerd is, en eerlik en opreg, wil iets eg sien. Dis waarna die wêreld vandag soek, is nie ’n klomp teologie nie, nie van een of ander man wat kon . . .

248 Jesus het nooit gesê: “Wel, as Ek nie die *leer* van My Vader doen nie,” Hy het gesê: “As Ek nie die *werke* van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie. Maar as Ek die werke van My Vader doen, glo dan die werke. As julle My nie as ’n mens kan glo nie, glo die werke wat Ek van My Vader doen.” Sien?

249 Sy het iets eg gesien. Sy het iets gesien, nie ’n klomp geloofsbelydenisse wat uitgeskryf is nie, maar sy het iets eg gesien. Dis wat mense vandag wil sien, wat opreg van hart is, iets wat eg is.

250 Ter afsluiting, sê ek dit, almal weet dat . . . Ek sê nie ek’s ’n jagter nie, ek hou net daarvan om te jag. My ma se moeder het van die Cherokee-reservate gekom. My bekering, sedert ek . . . Die eerste geld wat ek ooit verdien het, was vyf-en-twintig sent, ek het ’n staalvalstrik gekoop, begin vang, ek was sedertdien in besigheid. So ek—ek hou net daarvan om alleen in die woude te wees. Ek sien God in die woude. Gaan op in die berge en sit daar, en klim bo-op die top van die berg, kyk na die sonsopkoms, en staan daar en roep uit voor God.

251 Hier ’n tyd gelede, in, oorkant in Colorado, ek is ’n gids in Colorado, het op ’n plaas daar gewerk, eendag het ek en die plaasboer elande gaan jag. Ons het klaar al die kêrels in-en-uit gekry, so ons—ons het elande gaan jag. Ons het ver teruggegaan waar die sagtevoete, soos jy hulle “nuwelinge” noem, nie kon gaan nie. So ons het baie hoog opgegaan. En hy het oorgegaan in ’n ander gebied, ek sou hom nie sien vir omtrent ’n week nie. Ek het my saalperd vasgemaak. Was soort van gewees, daardie dag, was ’n droë seisoen gewees, die elande het nog nie afgekom nie. En ek het baie hoog opgegaan na die rand van die woud. Daar sal ’n reën kom, en dit sal vries, en dan sal ’n sneeu kom, en dan sal daar ’n reën kom, en dan sal die son skyn, julle weet hoe dit is in die herfs van die jaar.

252 Ek het daar deurgeloop, my oë toe, gesê: “Prys God! U is so groot, Vader. O, U is *so* groot. Ver hierbo op my eie, waar daar geen petrol of sigarette is nie. O God, geen wonder U kan hierbo woon nie.” Net aangegaan, God geprys.

253 Voor jy jou kom kry, het daar ’n stormpie oor die berg gekom, ek het agter ’n boom ingekom, daar was ’n rukwind daar, was amper tot by die rand van die woud, ek het ondertoe gegaan, agter hierdie boom afgekom, en ’n bietjie daar gaan sit, en die storms het baie hard gewoed. Ek het my kop laat sak soos *hierdie*, gesê: “God, U is wonderlik, U is die God van die berg, U is

die God van die vallei, U is God wanneer ons arm is, U is God wanneer ons ryk is, U is God wanneer ons siek is, U is God wanneer ons gelukkig is, U is God wanneer ek jag, U is God wanneer ek huil, U is God in God."

254 En ek was daar, naderhand het die storm bedaar, ek het rondgekyk, ek het gedink: "Wel, prys die Here, storm is verby, reken ek sal nou voortgaan om my eland te jag."

255 Ek het begin uitbeweeg, en meteens het ek oorkant na die weste gekyk, na Kanada, *hierdie* kant toe, die groot son het oorgekom in hierdie provinsie hier, en het sy groot oog deur die skeure in die rots geloer, ek het soontoe gekyk, ek het gedink: "O, ja, Jehova," ek het agtertoe gekyk hiernatoe, en daar was 'n reënboog, want die immergroen plante het gevries, julle weet, en die son wat teen hulle geskyn het, het 'n reënboog oor die—die—die—die vallei laat vorm. En ek het gedink: "Daar is Hy, Hy's hierbo, Hy wat lyk soos jaspis en sardiussteen, Openbaringe 1, Alfa en Oméga, die Begin en die Einde, Hy wat was, wat is, en sal kom, die Wortel en Nageslag van Dawid, die Môrester, die Lelie van die Dale." O, goeiste, daar was Hy, in die reënboog. Ek het gedink: "O God, hoe groot is U!" En ek het gedink: "O, hoe wonderlik!"

256 Omtrent daardie tyd, het ek 'n ou eland hoor roep. Chris, jy weet wat ek bedoel. Daardie *whee-wo* gehoor, soos *dit*, en ek het gedink: "O, goeiste! Hy het verdwaal in die storm, hy het geroep na die res van hulle." Ek het gedink: "Daar is dit, die diepte, die wilde, wat roep." 'n Ou grys wolf het begin huil op die heuwel, sy maat het hom onder aan die onderkant geantwoord. Toe, broer, ek sê jou, het die ware deel uit my uitgekom. Ek het daar gestaan en gehuil soos 'n baba, ek het gesê: "O God, hoe wonderlik! Daar is U in die reënboog, daar is U in die roep van die eland, daar is U in die roep van die wolf, U is oral God! O, hoe wonderlik!" Ek het gesê: "Prys God!"

257 En om, en om, om die boom het ek gegaan, geskree, so hard as wat ek kon. Kan julle net sowel die waarheid vertel. Uitgeroep: "Prys God! Halleluja!" Ek het nie omgegee nie. Enigiemand wat skree om enigiemand anders hom te laat hoor skree, hulle is 'n skynheilige. Was niemand binne veertig myl van my af nie. Ek het net op-en-af gespring, om die boom gehardloop, geskree: "Halleluja, halleluja, halleluja, prys God!" Ek kon God oral sien, Hy was werklik. Goeiste, en ek het om en om dit gehardloop. Wel, as iemand in die woude ingekom het, sou hulle gedink het iemand was uit die inrigting vir kranksinniges daarbo. Ek het omgegaan, ek het nie omgegee nie, ek het 'n lekker tyd gehad, bietjie van die stoom afgeblaas. Sien? Ek het n wonderlike tyd gehad, gesê: "Halleluja, halleluja!"

258 En ek het gestop en ek het gesê: "O God, waarom sou ek ooit van hierdie berg afgaan? Goeiste, laat my lewe en sterwe hierbo,

my hierbo begrawe, my Huis toe neem. Ek sal my geweer hier sit, my seun, Joseph, dit eendag laat vind, hom daarmee laat jag, Here. Neem my nou op, laat my gaan." O, net 'n wonderlike tyd gehad. Ek het soort van altyd gedink, dat ek eendag as vermis in die woude verklaar sou word. "Laat—laat my gaan, Here, uitstap, net soos Elía gaan, stuur maar die perde." Ek het, o, net so 'n wonderlike tyd daar gehad.

259 Meteens het ek gestop, en toe ek het, 'n ou klein, ek weet nie of jy hulle hier het of nie, ja, Chris, ek glo jy vang hulle, daardie ou denne-eekhorinkies, o, hy's 'n blou-jas polisiemanne van die woude, raserigste ding wat jy ooit in jou lewe gehoor het, nie groot genoeg om enigiets te doen nie, het op 'n stomp gespring en gesê: "*Babbel*, *babbel*, *babbel*, *babbel*. *Babbel babbel*, *babbel*, *babbel*. *Babbel*, *babbel*, *babbel*."

260 En ek het gesê: "Nou, wag 'n bietjie, kêreltjie," het ek gesê: "waaroor is jy so opgewonde? Het jy nie daarvan gehou nie? Nou, kyk hierna!" En om, en om die boom het ek weer gegaan. Ek het gesê: "Hoe het jy daarvan gehou?" Sien? Ek het gesê: "Hou jy daarvan?" Ek het gesê: "Weet jy wat ek doen? Ek aanbid ons Skepper. Jy behoort dieselfde ding te doen. Moenie met my baklei nie." En ek—ek het voortgegaan, ek het gesê: "O, as jy Hom net geken het soos ek Hom ken. Hy is die een wat vir jou dennebolle gee. Sien? Skaam jou! Moet my nie pla terwyl ek aanbid nie. Bly stil!" En om en om die boom het ek weer gegaan.

261 Omtrent daardie tyd het ek opgelet die kêreltjie het my nie opgelet nie. Sy ogies het uitgepeul op sy wang, hy het dit onder in die bos gefokus, soos *daardie*. Ek het gedink: "Wat makeer?" Dadelik het 'n yslike groot arend, wat afgeforseer is in die storm, opgekom. Ek het gedink: "O, dis waaroor hy so opgewonde is, daardie arend." Die wind het hom daaronder ingewaai.

262 En ek het gedink: "Wel, nou, God, waarom sou U my onderbreek van om en om hierdie boom te hardloop hier," ek glo God laat alles reg gebeur, ek het gesê: "hoekom sou U my onderbreek van om en om hierdie boom hier te hardloop om my daardie ou denne-eekhorinkie of daardie arend te laat sien? Wat van die arend? Ou aasvoël," ek het gesê: "wat sit hy in elk geval daar?"

263 En ek het na hom gekyk, ek het gedink: "Wel, God, kan U in daardie arend wees?" Ek het na hom gekyk, en ek het gedink: "Ja, U is, want hy's nie bang nie." Dis een ding, hy was nie bang nie. Ek het vir hom gesê . . .

264 En God wil nie 'n lafaard hê nie, as jy skaam is om te getuig, moenie na die altaar toe gaan nie, jy skaam is om te sê: "Deur Sy wonde is ek genees," jy skaam is om te sê: "Ja, ek het die Heilige Gees ontvang, halleluja!"

265 God wil 'n ruggraat in jou sit, nie 'n wensbeentjie nie, Hy wil jou iemand maak, vir jou 'n getuienis gee. Soos Buddy Robinson

gesê het: "Gee my 'n getuienis soos 'n saagstomp. Sit 'n klomp kennis in die gewelpunt van my siel, laat ek teen die duiwel veg solank ek 'n tand het, hom dan met my tandvleis byt tot ek sterf." En dit was sy getuienis, ou Oom Buddy, julle weet, en so het hy dit ook bedoel. So dan, vyf-en-tagtig jaar oud, sou sestigduisend myl per jaar ry in 'n klein Chevrolet motor, om nog steeds die Evangelie te verkondig.

266 Hy het 'n boek geskryf, 'n miljoen eksemplare verkoop, nie die verskil tussen 'n naamwoord en 'n voornaamwoord geken nie, gesê: "Ek het hulle nie geken nie, ek het net die ding vir die Here geskryf." Maar hy was 'n groot man van God.

267 Nou, let op hierdie arend, ek het gedink: "Waarom is jy nie bang nie? Jy weet wat? Ek kan my geweer neem en jou skiet." Natuurlik, het hy geweet ek het hom te veel bewonder om dit te doen. Hy het na my gekyk, en ek het gedink: "Wel, hy's nie bang vir my nie, want hy het geweet. . . " Ek het hom dopgehou, hy het daardie vlerke bly voel, julle weet, gekyk of daardie vere nie gelê het soos hulle behoort te wees nie. Ek het gedink: "Sekerlik, dis waarom hy nie bang is nie, hy het 'n God-gegewe gawe, vlerke. En hy het vertroue in daardie God-gegewe gawe, hy het geweet hy kon in daardie bome wees voor ek my hand op daardie geweer kry, hy—hy het vertroue gehad."

268 As 'n arend vertroue in sy vlerke kan hê, as 'n God-gegewe gawe, hoeveel te meer behoort ons vertroue te hê in 'n God-gegewe gawe van die Heilige Gees, om ons vandag te dra! Sy vere dopgehou soos hy beweeg het, ek het gedink: "Wel, Broer, ek is. . . Ek—ek het jou te lief om jou te skiet." Sien? Ek het hom dopgehou.

269 Naderhand het ek opgelet hy was nie gepla met my nie. Hy het daardie ou denne-eekhorinkie dopgehou wat: "*Babbel*, *babbel*, *babbel*. *Babbel, babbel*, *babbel*." Hy het naderhand genoeg daarvan gehad, hy het net een groot sprong gemaak, miskien sy vlerke omtrent twee keer geklap, en reg bo daardie bome opgegaan. En toe hy het, dis toe ek gesien het wat God gedoen het. Daardie groot kêrel het nooit weer geklap nie, hy het net geweet hoe om sy vlerke te stel, en elke keer wat die wind sou inkom, sou hy daarop ry. Naderhand het hy aanhou opgaan, op, op, sonder om 'n veer te beweeg, op, op, op, totdat hy net 'n klein stippeltjie geword het.

Daar het ek daar gestaan, my hande op na die Hemel, en gesê: "O, prys God!"

270 Dis reg. Dis nie: "*Klap*, *klap*, ek is vandag 'n Pinkster; *klap*, *klap*, ek's 'n Baptis môre; *klap*, *klap*, ek sal na Oral Roberts se byeenkoms toe gaan; *klap*, *klap*, ek sal na Broer Branham se diens toe gaan; *klap*, *klap*, ek sal na Tommy Hicks toe gaan," nie. Nee! Dis om te weet hoe om jou vlerke te stel, jou vlerke van

geloof in die krag van God, elke keer wat die gloriegolf inkom, daarop te ry.

271 Hy het daardie ou aardsgebonde gestreepte eekhoring daar laat sit, wat sê: "*Babbel*, *babbel*, *babbel*. Dae van wonderwerke is verby, glad nie so-iets soos Goddelike genesing nie, glad nie so-iets soos die Heilige Gees nie." Hy het moeg geword om daarna te luister, so hy het net sy vlerke gestel en wegbeweeg. O, goeiste, stel net julle, dis reg, vriende, stel net julle vlerke in geloof.

272 In die noordelike woude, het ek altyd saam met 'n kêrel gejag, hy's omtrent half Indiaan. Sy naam is Bert Call, hy was een van die beste jagters saam met wie ek ooit gejag het. Jy hoef nooit bekommerd te wees oor Bert nie, enige plek in die woude, hoef jy nie bekommerd te wees oor hom nie, hy sou inkom, kon hom maar los.

273 En ons het altyd daarvan gehou om saam te jag, maar hy was die wreedste man wat ek ooit gesien het; hy het oë soos 'n akkedis gehad. En hy het altyd vir my gelag as 'n prediker. En hy was 'n goeie kêrel, maar hy het net—hy het net—hy het net gehad . . . hy was net wreed. En hy het altyd daarvan gehou om boklammetjies te skiet net om my sleg te laat voel.

274 Nou, onthou, dis in orde om 'n boklammetjie te skiet, dit word toegelaat, maar nie net om wreed te wees nie, net om dit te skiet, dit daar te laat lê, en daaroor te lag nie. Dis verkeerd, dis moord, sien.

275 En so het hy altyd gesê: "Ag, prediker, jy's soos die res van hulle, lafhartig. Jy sou 'n goeie jagter gewees het as dit nie was dat jy so lafhartig was nie."

Ek het gesê: "Bert."

Hy het gesê: "Ek het gedink jy was 'n jagter."

Ek het gesê: "Ek is 'n jagter, maar nie 'n moordenaar nie. Sien? Daar's 'n groot verskil daar, Bert."

Hy het gesê: "Ag, ruk jou reg, Billy, kom reg. Nou, sal jy nie 'n boklammetjie skiet nie?"

276 Ek het gesê: "Ek het al baie boklammetjies geskiet." Ek het gesê: "God, Abraham het 'n kalf doodgemaak en dit vir God gevoer, en Hy het dit geëet." Dis reg. So daar's niks verkeerd om 'n boklammetjie dood te maak as die wet sê jy kan dit kry nie, dis alles reg, maar moet dit nie net doen om wreed te wees, net om af te wys nie. So hy het dit gedoen net om af te wys.

277 So eendag was ek daarbo, en hy het gesê: "Wel, Billy, jy's 'n bietjie laat om hierdie keer te kom." En hy het 'n fluitjie gehad wat hy gemaak het, en hy het daardie fluitjie geneem, en hy sou dit blaas, en dit klink soos 'n klein baba boklammetjie, wat 'n klein baba takbokkie is, wat roep na sy mamma.

En ek het gedink: "Bert, jy sal dit nie doen nie."

Hy het gesê: "Ag, komaan, Billy."

278 So ons het altyd 'n termosfles vol warm sjokolade saamgeneem, want dit maak jou warm, as jy dalk verdwaal, iets. Ek is jammer om laat te wees, maar ek sal net nou afsluit. Gesê: "Ek's . . ." Gesê: "Ek's . . ."

279 Ons het begin, en daardie wit-stert takbokke, o, goeiste, jy praat van Houdini as 'n ontsnapkunstenaar, hy was 'n amateur. Jy behoort hulle te sien nadat daar een keer op hulle geskiet is. O, hulle kan wegkom soos, jy sien net waar hulle was. En so, toe, hulle—hulle was so vinnig. En hulle het klaar . . . jagseisoen was binne twee weke, en, wel, ons het die hele oggend geloop, nie eens 'n spoor gesien nie. Teen die middag, het ons gewoonlik gaan sit, ons middagete geëet.

280 So dit was omtrent middag, ons het in 'n klein oopte ingekom, omtrent drie of vier keer die grootte van hierdie kerk hier, soos *daardie*. En so het Bert gaan sit. En ons het nie 'n spoor of niks gesien nie. En ons sou gewoonlik teen die middag skei, en hy eenkant toe gaan en ek na 'n ander kant, en terugkom teen 'n sekere tyd daardie aand na ons basiskamp, waar ons perde en dinge was.

281 So toe, toe Bert gaan sit het, het hy begin om sy hand in te steek soos *hierdie* in sy boesem. Ek het gedink hy gaan sy—sy—sy termosfles kry, julle weet, om sy sjokolade te kry. So toe hy iets begin uithaal het, en dit was daardie fluitjie, en ek het gesê: "Bert, jy sal dit nie blaas nie."

282 Hy het gesê. "Ag, prediker, kom by," opgekyk na my met daardie akkedis-oë, julle weet, hierdie fluitjie geneem, en hy het dit geblaas, en dit het geklink soos 'n klein boklammetjie wat huil.

283 Wel, tot my verbasing, reg oorkant daardie plek het 'n groot moeder-ooi, dis die moedertakbok, opgestaan. Sy was weggesteek, julle sien, onder die onderbos. Sy het opgestaan, dis—dis ongewoon. Nie in hierdie area mag dit nie wees nie, maar daardie area is dit, uh-uh, baie ongewoon vir 'n ooi om op te staan, of enige takbok, daardie tyd van die dag, omtrent elfuur.

284 Sy het opgestaan, sy het rondgekyk. Wat was die probleem? Sy was 'n moeder, 'n baba was in die moeilikheid. Sy het rondgekyk. Ek kan net daardie yslike groot ore sien, daardie groot bruin oë wat rondkyk. En ou Bert het opgekyk na my met daardie akkedis-oë. Ek het gesê: "Bert, jy sal dit nie doen nie."

285 So hy het dit weer geblaas, en die moedertakbok het reguit uit die bos uitgeloop in die oopte. Nou, sy het niks aangesit nie. Sy was 'n moeder, dit was iets wat in haar ingebore was, 'n moeder. Haar baba was in die moeilikheid, sy het daarna gesoek. Sy het omgekyk, uitgestap in die oopte.

286 Ek het hom gesien. . .Ons dra nooit 'n koeël in die loop, wanneer ons saam jag soos daardie nie. So hy het 'n .30-06 gehad, hy het dit oopgetrek en, baie stadig en daardie koeël daar ingesit, 180 grein holpunt. En hy was 'n dodelike skut. Goeiste! Hom sien opstaan soos *hierdie* en daardie kruishaar oor daardie getroue hart van daardie moeder lê.

287 Ek het gedink: "O, goeiste! Hoe kan jy dit doen, Bert? Hoe kan jy dit doen? Hoe kan jy so wreed wees? Binne 'n oomblik sal daardie arme takbok, daardie getroue hart in daardie moeder, sal sy nie enige hart hê nie, jy sal dit regdeur haar skiet." Sien? "Hoe kan jy dit doen, sy soek na haar baba, jy haar so bedrieg?"

288 Sy het uitgestap. En toe die slot toegegaan het op die model '70 toe dit *so* toegegaan het, het die takbok geskrik, omgekyk en het sy die jagter gesien. Sou sy spring? Nee, meneer. Sy het geweet sy het die dood in die gesig gestaar, maar haar baba was in die moeilikheid. Sy het aanhou beweeg, stadig, gesoek na daardie baba, daardie groot ore op, gekyk, daardie neus op. Sy het die jagter gesien, en sy het geweet dit was die dood net binne 'n oomblik, dit het geen verskil aan haar gemaak nie, haar baba was in die moeilikheid. Sy het niks voorgegee, soos baie kerklidmate maak nie. Daar was iets egs, sy is as 'n moeder gebore.

289 Sy het rondgekyk. Ek het gesê: "Ek kan nie daarna kyk nie." Ek het my rug gedraai. Ek het gesê: "O God, moenie dat hy dit doen nie, moet hom dit nie laat doen nie, Here, daar takbokke in hierdie woude is, moenie dat hy daardie arme, kosbare moeder doodmaak nie, moet hom dit nie laat doen nie. Sy het 'n boklammetjie iewers of sy sou nie so opgetree het nie, sy dink dis verlore, dit roep na haar. Moet hom dit nie laat doen nie, Here." Ek het 'n oomblik gewag, net enige tyd geluister om daardie geweer te hoor afgaan. En ek het geweet as dit sou afgaan, sou sy beslis 'n dooie takbok wees. En sy het nie dertig treë van hom af gestaan nie, reg in die oopte.

290 Ek het net bly wag, maar die geweer het nooit afgegaan nie. Ek het gewag, gewag, die geweer het steeds nie afgegaan nie, ek het gedink: "Wat makeer?" En ek het omgedraai, daardie staal senuwees in daardie halwe Indiaan se. . .hy het *so* gegaan, dit geskud soos *daardie*, hy het omgedraai, die trane wat teen sy wange afgeloop het, hy het die geweer op die grond gegooi, hy het my om die bene gegryp, gestaan op daardie sneeuwal, gesê . . . [Leë kol op band—Red.]

291 Met julle oë toe, en bid, hoeveel hierbinne wil graag die tipe Christen wees soos wat daardie takbok 'n moeder was? Wil graag die liefde van Christus so in jou hart hê, dat jy Christus kan vertoon, nie iets voorgegee nie, maar 'n *ware*, 'n geboorte wat jou 'n Christen maak, soos 'n geboorte daardie takbok 'n moeder

gemaak het? As jy graag daardie soort ondervinding wil hê, sal jy jou hand opsteek? God seën julle. God seën julle, oral, sekerlik.

292 Ons Hemelse Vader, hierdie eenvoudige storietjie, en tog weet mense dat hulle U nodig het, Here. Hulle moet 'n Christen wees, hulle wil wees. Ons wil almal iets egs hê wat ons vir die wêreld kan sê dat U Christus is, die Seun van God. Skenk dit, Here, vanaand, mag ons almal daardie ondervinding hê.

293 In hierdie geboutjie van miskien 'n honderd-en-vyftig mense, het meer as die helfte van hulle hulle hand opgesteek dat hulle daardie soort ondervinding wou hê. Here, dit wys dat hulle daardie soort ondervinding kort. Mag Christus, vanaand, in Sy getroue heiligheid, hierdie gehoor wys dat Hy hulle liefhet, en hulle daardie ondervinding kan gee om 'n ware, gebore Christen te wees, nie enigiets voorgegee nie, maar 'n ware ondervinding. Skenk dit, Vader. Deur die Naam van Jesus, die Seun van God, vra ek dit.

294 Terwyl ons ons hoofde gebuig hou, is daar iemand hier vanaand, of hoeveel, liewer, wat Jesus graag wil aanvaar as julle Verlosser, en sê: "Broer Branham, soos die Koningin van die Suide, wil ek—ek wil—ek—ek Christus hê, soos die moeder takbok, wil ek—ek—ek 'n ware Christen wees, ek het nog nooit 'n Christen geword nie, ek het nog nooit gehad, Hom nog nooit aangeneem as my Verlosser nie, maar vanaand wil ek dit doen," sal jy net 'n oomblik op jou voete staan? Sê: "Ek wil onthou word in gebed."

295 Jesus het gesê: "Hy wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek bely voor My Vader en die heilige Engele."

296 Sal jy net op hierdie tyd staan? Sê: "Ek het nog nooit vantevore vir Hom gestaan nie." God seën jou. God seën jou. Dis goed. Staan, sommige van julle, nou. God seën julle. Iemand anders? Staan net op julle voete. God seën julle. God seën julle. Dis goed. God seën julle. Iemand anders, staan net op. God seën jou, Suster. Iemand anders.

297 Glo net, die grootste wonderwerk van alles is verlossing, glo net. Het julle iets egs in Christene gesien? Het iemand iets gedoen wat jy hulle lewens dopgehou het en jy weet daar's 'n ware Christen?

298 Vier of vyf het opgestaan, sou daar nog 'n paar wees voor ons die diens afsluit? God seën jou, jongman, die grootste ding wat jy ooit in die lewe gedoen het. Sou daar nog een wees? Vertrou dat God 'n prediker van die seun sal maak. Iemand anders?

299 Staan net op of steek jou hand op, sê: "Bid persoonlik vir my, Broer Branham, ek's . . . God kyk na my hand, so ek—ek wil hê jy moet bid." Gaan net voort, nou, net 'n oomblik, almal wat bid, alle Christene wat bid. God seën jou. Nog een? Hê net geloof, glo. God seën jou, seun. Ek wag net op die Heilige Gees.

O, God, wees genadig.

Net 'n oomblik, nou. Net, ek wag net 'n oomblik.

300 Ons Hemelse Vader, ons het net 'n oomblik gewag, verskeie het hulle hande opgesteek en sommige het op hulle voete gestaan. Die Skrif sê: "Niemand kan na My toe kom, as My Vader hom nie eers getrek het nie; en almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom." Laat hulle weet dat dit die grootste ding is wat hulle ooit gedoen het, was om 'n besluit te neem. "Hy wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek bely voor My Vader en die heilige Engele." [Leë kol op band—Red.]

301 God wees genadig, en glo, ons glo, met ons hele hart, dat U hierdie mense sal red. Ek mag dalk nooit in staat wees om hulle hande te skud nie, maar Ek sal in daardie Land oorkant die rivier.

302 Stuur hierdie jongmanne in die velde in, Here, maak predikers van hulle. Al hierdie wat hulle hande opgesteek het en op hulle voete gestaan het, mans en vroue, skenk, Here, mag hierdie 'n keerpunt wees. Mag elke keer wat hulle dink en in kontak kom met die bose, hulle mag staan soos daardie moeder takbok met 'n ondervinding wat hulle weet hulle oorgegaan het van die dood na die lewe.

303 Nou, U het dit gesê, Vader: "Hy, hy wat My Woord hoor," en ons glo ons het vanaand: al was Dit gebroke, Here, in my nederige manier om Dit aan te bied, "hy wat My Woorde hoor en glo in Hom wat My gestuur het, het," teenswoordige tyd: "ewige Lewe, en sal nie in die oordeel kom nie; maar het," verlede tyd: "oorgegaan uit die dood in die Lewe." U het dit gesê, Here, ek—ek glo net U Woord. Ek eis elkeen van hulle, ek eis hulle tot U eer. Nou, skenk dit, Vader, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

304 God seën julle. Mag God se ryke seën . . . Ek vra julle wat julle hand opgesteek en opgestaan het, sal julle, ek sal nie by julle wees behalwe net nog een dag in hierdie veldtog nie, maar hierdie predikers hier, as julle naby hulle kerke woon, gaan net saam met hulle, sal julle? Gaan na hulle toe, sê: "Pastoor, ek was daar oorkant by die veldtog daardie aand. Ek was een wat my hand opgesteek het. Ek was die een wat opgestaan het. Ek wil hê julle moet my doop in Christendoop. Ek wil hê julle moet saam met my gaan en soek totdat ons het . . . ek vervul is met die Heilige Gees, en daardie—daardie Boodskap ontvang het waarvan hulle gepraat het. Ek wil iets egs hê." God seën julle.

305 Nou, ek sal vertrou dat julle dit sal doen. Ek weet julle het dit bedoel. En as julle dit regtig uit julle hart uit bedoel het, is daar nie genoeg duiwels in die hel wat julle ooit van God kan skei nie. Julle het oorgegaan uit die dood in die Lewe. Dis God se Eie Woord.

306 Dis amper elfuur, dis te laat vir 'n gebedsry. Ek belowe julle dat ek môre-aand sal bid vir elke persoon wat 'n gebedskaartjie het, en elke persoon in die gebou, wat gebed verlang. Ek sal dink

dit sal ’n bietjie beter wees, as ek net—ek net nie sal preek vir net—net vier uur môre, of, net twee minute môre-aand nie, en die gebedsry begin. Sal julle—sal julle dit kan aanvaar, as ek belowe om môre-aand vir almal te bid? Doen dit. God seën julle.

Sal julle glo sonder die gebedsry? Buig julle hoofde.

307 Here Jesus, hulle is hier. Ek het pas gepreek om iets egs te sien. Miskien is daar sommige hier wat U nog nooit gesien het nie, Here, in U groot krag om te werk. Ek bid dat U mans en vroue nou krag en mag sal gee om te glo. Mag hulle wat siek is, U kleed aanraak. Mag ek in staat wees om my hart te verneder dat U my stem sal gebruik om ’n visioen te sien om die mense die dinge te vertel wat hulle begeer. Skenk dit, Vader.

308 Terwyl julle nou bid, hou julle hoofde gebuig, julle oë toe, glo met julle hele hart. Hê geloof in God. Hou net aan bid. Nou, julle is, elkeen, vreemdelinge vir my, behalwe hierdie Georgia mense en Broer Sothmann wat hier sit. God kan dit skenk. Nou, met julle hoofde gebuig en julle oë toe.

309 Daar is ’n man wat hieragter sit in die gebou aan my linkerkant. Hy het ’n senuweetoestand, hy het probleme met sy been. Hy bid vir sy seun wat ongered is. Sal jy glo, my broer, en jou vergifnis van God aanvaar, en jou begeerte? Dankie. Jy sal dit ontvang.

310 Hier’s ’n dame wat hier sit, ek het haar nog nooit tevore gesien nie. Sover ek weet, is sy ’n vreemdeling vir my. Sy ly aan ’n senuweetoestand, met ’n vroulike probleem, sy het ’n operasie gehad, sy het vergroeisels in haar sy. Iemand bid, want ek sien dit. O, as sy dit nie mis nie! Glo jy, dame? O, hoe kan ek dit kry?

God, sê my wie sy is.

311 Mev. Fontane, staan op jou voete. Is dit jou naam? Is dit jou toestand? Is ons vreemdelinge vir mekaar? Dan gee Christus vir jou jou begeerte. Gaan, word genees.

Wat het sy gedoen? Sien julle wat eg is?

312 Hier is ’n Indiaanse man wat hier sit, ek ken hom nie. Een wat voor my staan, het ’n kreupel hand. Glo jy God sal daardie kreupel hand genees, Broer? Sal dit aanvaar? God seën jou. Ek het nooit geweet jy het ’n kreupel hand nie, maar God het.

313 Wil jy genees word van daardie galstene? Ek ken jou nie, ken ek, meneer? Ek het geen manier om dit te weet nie. Maar dis waar, was dit nie? As dit reg is, steek jou hand op sodat die gehoor kan sien. Dank die Here.

314 Ek glo julle Indiaanse mense moet teruggaan, nie waar nie? Laat hierdie Indiaanse mense hier sit, na my kyk. Glo jy dat ek God se profeet is?

Jy het ’n damesprobleem, vroulike probleem, vergroeisel in die vroulike klier. Dit is reg. Dis reg, staan op. Aanvaar jy jou genesing?

315 Hierdie dame, sy kan nie Engels praat nie, en julle weet ek weet dit nie. Goed, praat met haar vir my. Sy het 'n geestelike probleem. Haar probleem is dit: sy het Jesus lief, maar sy weet nie net hoe om Hom te benader nie. Uh-huh. Um-hum. Sy wil 'n nader wandel met Hom hê. Nou, vertel haar. Dis reg. Dis reg. Jy sal dit hê. Vertel haar. God seën jou.

316 Pa, wat van jou keelprobleem? Dink jy God gaan jou gesond maak? Glo jy Hy sal jou genees? As jy dit doen, staan op jou voete. Staan reguit op, dis reg. Die Indiaanse man wat hier sit en na my kyk, met sy hande in sy . . . soos *daardie*, staan op jou voete. Praat met hom in sy taal sodat hy sal verstaan. Goed. Jy het jou genesing. Gaan huis toe, Jesus Christus maak jou gesond.

Sal jy glo? Wat van julle hierbinne? Wat van die artritis? Dink jy Hy sal jou gesond maak? Staan op en aanvaar dit . . . ? . . . God seën jou.

317 Glo julle nou? Glo julle dit met julle hele hart? Moenie twyfel nie, hê geloof in God. Sien julle iets wat die mens nie kan doen nie? Elkeen van hierdie mense wat geroep is, as julle vreemdelinge is, en weet dat ek nie geweet het wat verkeerd was met julle nie, steek julle hand op. Julle mense wat vanaand geroep is, steek op julle hande. Daar het julle dit. Wat van julle Indiaanse mense, weet dat ek nie geweet het wat verkeerd was met julle nie, is daardie dinge so? As hulle so was, wat gesê is, wuif julle hande soos *hierdie*, elkeen van julle, waar julle ook al was.

Wat daarvan, dame? Glo jy ook met jou hele hart? Goed. Was dit so? Goed.

318 Nou, sien julle dat dit God is? Hier is meer as Salomo, die Heilige Gees. Glo julle dit met julle hele hart? Nou, Hy is julle Verlosser, Hy is julle Geneser, Hy is julle God, Hy is julle Koning, Hy is julle Verlosser, Hy is hier. Glo julle dit nie? Nou, hoeveel het Hom lief? Steek julle hand op. O, dis wonderlik.

319 Nou, die res van julle lê julle hande oorkant op mekaar, sit net julle hande op mekaar. Wat ook al in julle hart is . . . Wat ek julle probeer vertel, julle sien, dat sonder gebedskaartjies, sonder enigiets, God ken julle toestand, Hy weet alles van julle af. Nou, julle is Christene, julle is gelowiges, is julle nie? Wel, die Bybel het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg; as hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Nou, moenie vir jouself bid nie, bid vir die persoon wat hulle hand het, hulle—hulle bid vir jou, bid jy vir hulle. Nou, laat ons ons hoofde buig. Die manier wat julle by julle kerk bid, dis hoe julle bid vir die persoon wat vir julle bid.

320 Ons Hemelse Vader, die ure word laat. Maar Paulus het dieselfde Evangelie heelnag gepreek, en 'n seun het by die venster uitgeval en is dood, Paulus het gegaan en sy liggaam op die seun gelê, en hy het weer teruggekeer na die lewe.

321 O, Ewige God, U Wat die belofte gemaak het, U Wat waaragtig is, U is ewigdurend, U is die herrese Jesus Christus, en vandag in hierdie eeu, wanneer die wêreld 'n bose en owerspelige geslag geword het, sien die teken van die herrese Christus, met mense wat Hom glo, wat genoeg geloof het om Hom aan te raak, en deur manifestasies van 'n Goddelike gawe, uitspreek in menslike taal deur 'n onwaardige lip, en deur 'n onwaardige oog kyk, en 'n visioen sien wat elke keer onfeilbaar kan wees, dieselfde God wat in Galiléa gewandel het, dieselfde Jesus wat gesê het die vrou sou staan in die Oordeelsdag, die Koningin van die Suide, en Sy geslag veroordeel omdat sy gekom het om die wysheid van Salomo te hoor, en daar was Een daar wat 'n groter werk gedoen het as wat Salomo gedoen het, en Beëlsebub genoem is, en in hierdie dag, het U gesê: "Hierdie werke wat Ek doen, sal julle ook doen; meer as dit sal julle doen."

322 Eenkeer, het 'n vrou U kleed aangeraak, en U het omgedraai en na haar gekyk, en vir haar gesê, haar bloedvloeïng het gestop, haar geloof het haar gered. U het gesê U het swak geword omdat een vrou U aangeraak het. Hoe kon ek hier staan as 'n sondaar gered deur genade, en 'n dosyn laat aanraak, en steeds op my voete bly? Dis omdat U Woord belowe het: "Meer as dit sal julle doen, want Ek gaan na My Vader."

323 God, ons lewe in die dag om meer as Salomo, die Heilige Gees, te sien manifesteer word in ons midde. Hier is mans en vroue wat alles in die wêreld prysgegee het om U te dien. Hulle het hulle hande op mekaar gelê. Hulle is U diensknegte. Ek veroordeel elke siekte, elke duiwel.

324 Kom hier uit, Satan, jy het die stryd verloor. Verlaat hulle, in die Naam van Jesus Christus!

61-0515 Hier Is Meer As Salomo
Zion Evangelie Tabernakel
Grande Prairie, Alberta Kanada

AFRIKAANS

©2023 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org